# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT

UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Pectora roborant cultus recti

Jaargang XXXVIII Nr. 7

DONDERDAG, 5 AUGUSTUS, 1982



[C]IE-BIBLIOTEEK [UNIVERSITE]IT VAN STELLENBOSCH
11 AUG 1982
CARNEGIE LIBRARY
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH


# *SP stem vir 'n oop US*

**Die Studenteparlement beveel aan dat die Universiteit van Stellenbosch op voor- en nagraadse vlak oop sal wees vir enige Suid-Afrikaanse aansoeker wat aan die gewone akademiese vereistes voldoen.**

**Ander aanbevelings is die afskaffing van die ministeriële permitte wat "anderskleuriges" aan blanke universiteite toelaat en 'n riglyn van 80% Afrikaanssprekende blanke voorgraadse studente. Voorkeur moet gegee word aan Afrikaanssprekende aansoekers en aan mense wat 'n hoofvakkursus wil volg wat nie aan die universiteit van hul groep aangebied word nie.**

Mnr. Nick Barnardt, die voorsteller, glo die aanbeveling oor die permitte is 'n indirekte versoek aan die Regering om wetgewing te verander. Ná die RGN-verslag oor onderwys verwag hy nuwe wetgewing en die mosie is in daardie lig geformuleer.

As motivering het mnr. Barnardt gesê akademiese oorwegings moet prioriteit geniet. Die universiteit funksioneer binne 'n bepaalde samelewing en die werklikheid moet in aanmerking geneem word. Indien dit nie nie gebeur nie, sal die universiteit 'n "bestaansrisiko" hê.

Prof. Mike de Vries het op navraag gesê die outonomie van die Universiteit word beskerm omdat daar gevra word dat elke universiteit oor sy eie toelatingsvereistes besluit. Die aanvaarding van die mosie dui aan dat studente 'n buigsamer beleid as die huidige voorstaan. Hy sal die SP-besluit aan die Senaat en die Raad van die Universiteit oordra, en die studentemening sal wel in aanmerking geneem word.

## KLINK 'n GLASIE

**Intervarsity-berigte en foto's binne**



DIE sjampanjenooientjie, mej. Magdalize Poggenpoel, lig 'n glasie op die sukses van die eerste rugbyspan en die entoesiasme van die Maties.

# Polstu en SP haaks

## *Neef daag neef*

NUUSREDAKTEUR

DIE sekretaris van die SR, mnr. Hendrik Verwoerd, het Polstu eergisteraand op 'n SP-vergadering uitgedaag om die stellings wat biskop Desmond Tutu en prof. Jakes Gerwel op die vereniging se Nasionale Kongres gemaak het, te repudieer.

**Die voorsitter van die Polstu-tak op Stellenbosch, mnr. Francois du Bois, is mnr. Verwoerd se neef. Hy is tydens die Nasionale Kongres in Julie oók as die nasionale president verkies.**

Mnr. Verwoerd en die SR-lid vir die LSS, mnr. Panayiotis Stais, het voorgestel dat die SP hom van die uitsprake distansieer.

Biskop Tutu sou die bruinmense "afgedreig" het en prof. Gerwel het genoem dat "die marxistiese denkrigting meer beweegruimte in Suid-Afrika gegee moet word".

Die beswaar dat biskop Tutu en prof. Gerwel 'n openbare forum op Stellenbosch "misbruik" het, het die SP help oorreed om die kontroversiële mosie te aanvaar.

Mnr. Verwoerd glo dat Stellenbosch bekend is vir "ewewigtigheid" en "versoening tussen verskillende groepe", en dat die uitsprake skadelik vir die beeld is.

Besware van twee SP-lede, mejj. Lala Steyn en Michilene Tusenius, het beklemtoon dat die sprekers se aanhalings uit verband geruk is.

Mej. Steyn het mnre. Verwoerd en Stais se geloofwaardigheid betwyfel omdat hulle nie die toesprake gelees of die Polstu-kongres bygewoon het nie. Hulle het slegs na koerantberigte verwys.

Prof. Gerwel het die belangrikste ideologiese



PROF. J. GERWEL

benaderings wat voorwaardes vir 'n vreedsame Suid-Afrika is, genoem. In sy akademiese behandeling van die onderwerp het hy gevra dat meer van Marxisme gehoor moet word sodat voor- en teenstanders daarvan in die openbaar met mekaar kan praat.

Mnr. Verwoerd meen die stelling het wyer implikasies, naamlik dat die Kommunistiese Party vryheid van beweging kan verkry. Ook word implisiet vir 'n "gewelddadige rassestryd" in Suid-Afrika gepleit. Volgens mejj. Steyn en Tusenius is dit belaglik om sulke afleidings uit prof. Gerwel se stelling te maak.

Mej. Steyn het biskop Tutu se beweerde "afdreiging" van die bruinmense ook in konteks probeer plaas. In sy verwysing na die bruinmense en Indiërs het die biskop twee alternatiewe gestel: samewerking óf met die "onderdrukkers" óf met die "onderdruktes". Daar is geen middeweg nie, en diegene wat met die onderdrukkers saamgaan, sal deur die geskiedenis geoordeel word.

Mnr. Stais het aangevoer dat biskop Tutu sy mandaat as swart leier oorskry het.

Volgens die voorstellers van die mosie sou 'n nee-stem "steun vir reaksionêre instellings" beteken, en 'n ja-stem op "redelikheid" dui.

Ondanks bewerings van mnre. Verwoerd en Stais dat hulle probeer het om afskrifte van die toesprake te bekom, ontken mnr. Francois du Bois dat hy ooit vir die toesprake gevra is. Mnr. Henk Smit, ondervoorsitter van Polstu, sê hy is gevra, maar die SR-lede het nooit die toesprake afgehaal nie.

Mnr. Du Bois betreur die "ongekwalifiseerde verdoeming" van die biskop nadat hy juis die Eerste Minister geloof het dat verskillende rasse in die Presidentsraad betrek is. Polstu twyfel oor die wyse waarop die mosie as "dringend" deurgevoer is, omdat meer as 'n maand sedert die Polstu-kongres verloop het. Dit reflekteer "ongunstig" op die SP-lede se verantwoordelikheid.

Mnr. Du Bois sê Polstu nooi mense uit om verskillende standpunte oor die politiek en ekonomie te stel. "Die tyd om net na mense te luister met wie ons saamstem, is lankal verby."

# Lidmaatskap van RW is persoonlike saak

DIE SR-voorsitter, mnr. Stephan Spies, het tydens 'n vergadering van die Studenteraad gereageer op 'n ope brief van lede van die Sokratiese Vereniging oor die invloed van geheime organisasies op die kampus.



MNR. STEPHAN SPIES

Mnr. Spies het dit nie ontken of erken dat enige van die SR-lede aan sulke organisasies behoort nie.

Hierdie ontwikkelings spruit voort uit mnr. Ian Theron (vorige hoofredakteur van *Die Matie*) se bewering in *Die Matie* van 28 Mei 1982 dat alle gesaghebbende gebeure op Stellenbosch deur die Broederbond en veral die Ruiterwag gemanipuleer word.

In die ope brief aan die SR spreek lede van die Sokratiese Vereniging hulle kommer uit oor die oënskynlike druk wat op mnr. Theron uitgeoefen is om sy bewering terug te trek.

Tydens die Studenteraadsvergadering op 28 Julie 1982 het mnr. Spies verklaar:

- dat daar in geen stadium enige druk op die voormalige hoofredakteur van *Die Matie*, mnr. Theron, uitgeoefen is nie;
- dat die SR op geen manier deelgeneem het aan of bewus is van manipulasie van besluite wat deur studenteleiers geneem word nie;
- dat die SR nie bewus is van enige ongerymdhede tydens SP- en SR-verkiesings nie.

In antwoord op beweerde assosiasie met geheime organisasies het mnr. Spies verklaar dat die persoonlike lewe van 'n studenteleier op enige vlak steeds 'n *persoonlike* saak is.

Hy het versoek dat alle pogings om studenteleiers in diskrediet te bring, met die nodige minagting verwerp moet word.

Die skrywers van die ope brief het ook 'n verklaring gemaak. Hulle vra of die SR-verklaring impliseer dat geen SR-lid aan 'n geheime organisasie behoort nie, of lidmaatskap van geheime organisasies nie die SR-amp nadelig beïnvloed nie, en of dit 'n persoonlike saak is waaroor geen vrae gestel mag word nie.

## JY KÁN STEM

ALLE studente kan stem vir kandidate in hulle kiesafdelings.

SR-lede word deur en uit die SP verkies, maar enige stemgeregtigde mag 'n nominasie sekondeer. Die groot dag om in dié verband te onthou is Dinsdag, 31 Augustus: SR-sirkus en verkiesing.

**Verkiesingsprogram:** 10 Aug. SP-sirkusse in kiesafdelings; 12 Aug. SP-verkiesing in kiesafdelings; 13 Aug. Amptelike uitslag; 17 Aug. SP-vergadering; ekstra nominasies; 24 Aug. Nominasiedag: SR-kandidate; 31 Aug. — SR-sirkus, verkiesing en voorlopige uitslag; 1 Sep. Amptelike uitslag.

## *Is Matieland KP?*

'n BERİG wat in *Die Patriot* van 25 Junie verskyn het, het skerp reaksie van verskeie studenteleiers uitgelok. In die berig beweer die KP dat hulle groot steun onder die Maties het.

Die studenteleier van die KP op Stellenbosch, mnr. Putter, grond sy bewering op die massa-opkoms by dr. Andries Treurnicht se toespraak in die Stellenbosse stadsaal op 11 Mei.

Mnr. Nick Myburg, voorsitter van die NP se studentetak en Breë Bestuur, het die bewering verwerp. Volgens hom was die gevoel op die vergadering oorwegend anti-KP.

Volgens mnr. Putter misbruik sekere studenteleiers hul posies om liberale uitsprake te maak. Hy het die SR uitgesonder en hul liberale uitsprake in die pers veroordeel.

Mnr. Stephan Spies, SR-voorsitter, het gesê mnr. Putter se standpunt is tipies van 'n oningeligte student. Die SR-lede misbruik nie hul posies vir politieke gewin nie.


Pick 'n Pay



Afslagsupermarkte

NOU OOP IN Stellenbosch

KYK BINNE VIR NUUS OOR BESPARINGS

Hedley Byrne (Retail/C) 5014/1

# Nuutverkose presidente gee hulle menings

TYDENS die Junie-vakansie het Polstu en die ASB hul jaarlikse nasionale kongresse gehou. Mnr. Francois du Bois is as president van Polstu verkies en Mnr. André Bartlett as president van die ASB.

POLSTU



FRANCOIS DU BOIS

DIE re-affiliasie van die Universiteit van Stellenbosch by die ASB sal 'n terugwaartse stap wees.

So het mnr. Francois du Bois, president van Polstu, op die moontlikheid van re-affiliasie gereageer. Hy meen dat die tyd van eksklusiewe blanke organisasies verby is. Die aangeleenthede wat die ASB bespreek, is uit voeling met die probleme van Suid-Afrika.

'n Belangrike konsensuspunt van die Polstu-kongres was dat vreedsame verandering steeds moontlik is. Hierdie beweging na 'n regverdige samelewing sal verhaas moet word. Die ASB besef dit blykbaar nie.

Mnr. Du Bois steun wel 'n oorkoepelende studente-liggaam wat met alle studente kan skakel.

Volgens hom is die belangrikste mosie wat op die kongres aanvaar is die een wat vra vir gelyke onderwys. Groter outonomie môet aan opvoedkundige instellings verleen word en staatsinmenging moet tot die minimum beperk word.

ASB



ANDRÉ BARTLETT

MNR. ANDRÉ BARTLETT, nuwe president van die ASB, voel dat daar 'n verbondenheid tussen Afrikanerstudente is. Hierdie eie waardes kom tot uiting in 'n organisasie soos die ASB.

Aangesien die ASB hom beywer vir die bevordering van die Afrikanerkultuur, kan volledige kultuurverkeer slegs plaasvind indien Stellenbosch verteenwoordig is.

Die eksklusiwiteit van die ASB as blanke organisasie bevraagteken toenemend die bestaansreg van die ASB, maar volgens mnr. Bartlett voorsien die ASB in 'n bestaande behoefte. Daarom hoef die betekenis van die ASB nie bevraagteken te word nie. Die entoesiasme, erns en gemeenskaplike soeke na oplossings, wat kenmerkend van die kongres was, getuig van die behoefte waarin die ASB voldoen.

Die ASB is volgens mnr. Barlett 'n kulturele en nie 'n politieke organisasie nie. Dit is nie die ASB se taak om standpunt in te neem wat verteenwoordigend van sy lede is nie, maar eerder om sy lede die geleentheid te gee om kennis te neem van die Suid-Afrikaanse realiteit. Die kongres het hom uitgespreek ten gunste van Afrikanereenheid buite partypolitieke grense.

'n Mosie teen Sondagsport en die beeldsending daarvan is aanvaar. Die ongetelde meerderheid het na die stemming erken dat hulle wel na die Wimbledonse eindstryd gekyk het.

## Universiteitstoelating: meriete moet tel

KAAPSTAD — "Geen universiteit hoef toelating van intelligente studente van enige bevolkingsgroep te vrees nie."

Dit was diè woorde van dr. S.J. Saunders, Rektor en Vise-kanselier van die Universiteit van Kaapstad. Op 14 Julie 1982 het die Vereniging van Universiteitsdosente van Suid-Afrika 'n konferensie aan die Universiteit van Kaapstad gehou. Die onderwerp was: "Oop universiteite en die volgende dekade".

Die handhawing van akademiese standaarde, een van die moeilikste take van alle universiteite, word verhinder deur pogings tot boikotte. As ons hierdie probleem besef, kan ons daarin slaag om die standaard hoog te hou.

Dit is die doel van die universiteit om hoë akademiese standaarde en individuele denke aan te moedig.



TYDENS die Polstu-kongres is by meer as een Kruispad verbygegaan.

# Die vrye pers is vlieg in die salf

MENINGSVERSKILLE het geheers by die seminaar oor persvryheid aan die Universiteit van Pretoria.

Die sprekers was dr. Piet Muller (*Beeld*), prof. Marinus Wiechers (Fakulteit Regsgeleerdheid, UNISA) en me. Fleur de Villiers (*Rand Daily Mail*). Dr. Muller het gesê dat 'n vrye pers slegs in 'n demokratiese land kan bestaan en dat demokrasie nie ten volle kan bestaan sonder 'n vrye pers nie. Koerante staan op die voorpunt van gemeenskaplike politiek en kultuur.

Dr. Muller het die pers vergelyk met 'n perdevlieg wat die strydos, die staat, aanpor: "'n Perdevlieg kan 'n ongemaklike ding op 'n teer plek wees."

Me. De Villiers het gesê dat die pers geen reg het nie, maar dat die publiek die reg het om ingelig te word.

Die Steyn-kommissie se ondersoek het moontlik meer probleme geskep as wat dit opgelos het. Me. De Villiers het bygevoeg dat daar baie joernaliste is wat nie deur die staat geregistreer wil wees nie. Sodra dit gebeur sal lede van die publiek hul vertroue in die pers verloor en die pers as 'n propagandamiddel van die regering beskou.

Prof. Wiechers het gesê dat daar nie so iets soos "die publiek se reg om te weet" is nie. Daar bestaan wel vryheid van spraak, net soos vryheid van beweging. Die beperkings wat wel op die pers geplaas word, is in belang van die gemeenskap. Baie Suid-Afrikaanse koerante leef op sensasie met artikels sonder voldoende gronde.


KNOCKDOWN

SHOP 8 PICK 'N PAY CENTRE,/MERRIMAN AVE, STELLENBOSCH

"WELCOME BACK MATIES"

- LATEST FASHIONS AT DISCOUNT PRICES
- LADIES & MET LEASURE-WEAR
- **10% DISCOUNT** FOR ALL STUDENTS & STAFF

COME AND PAY US A VISIT AND SEE FOR YOURSELF THE TREMENDOUS BARGAINS ON OFFER !

WINTER SALE NOW ON!



LEDE van die ASB-toer in die Ciskei.

# ASB-reaffiliasiemosie deur Stellenbosch SR-lede gesteun

PORT ELIZABETH — SR-lede van Stellenbosch het 'n mosie gesteun wat dit betreur dat U.S. nie by die ASB geaffilieer is nie. Dié mosie is by die onlangse ASB-kongres in Port Elizabeth eenparig aanvaar. Die mosie het 'n beroep op die Stellenbosse studentegemeenskap gedoen om te reaffilieer.

Mnr. Nick Barnardt het in 'n toespraak voor die kongres gesê dat hy dikwels wonder of affiliasie by die ASB nie heroorweeg moet word nie. Nog 'n SR-lid, Panayotis Stais, het in 'n onderhoud gesê hy meen affiliasie sal 'n stap vorentoe wees.

Hoekom nou weer affilieer nadat Stellenbosch reeds sedert 1968 uit die ASB is? Een van die redes wat oorspronklik gegee is vir disaffiliasie het intussen verval. Die rede was dat as die universiteit by die ASB geaffilieer is, elke student outomaties lid word van die ASB. Hierdie probleem is nou in 'n mate uit die weg geruim omdat net die SR affilieer, en nie die studente-unie nie.

Vir mnr. Panayotis Stais is dit belangrik dat Stellenbosch weer affilieer, omdat hy glo "weerhoudingspolitiek werk nie".

Die SR van Stellenbosch het op die oomblik byna geen kontak met ander universiteite nie. Hulle het geen invloed op veral mede-Afrikanerstudente nie en nie geleentheid om deel te neem aan die debat in Afrikanerstudentekringe nie. Die ASB sal vir die SR en die studente 'n forum skep om ander te kontak en sy idees, wat miskien van ander universiteite s'n verskil, oor te dra en byval te laat vind. So sal die ASB-denke miskien verruim en verryk kan word en 'n groter bydrae tot die oplossing van die probleme van SA gemaak word.

Deur affiliasie sluit Stellenbosch hom nie toe in 'n Afrikanerlaer nie, maar soek hy juis 'n basis vir gesprekvoering en bewusmaking.

As 'n mens kyk na die gebrekkige belangstelling in die ASVS (Afrikaanse Studentevereniging van Stellenbosch), wat vrywillige lidmaatskap van die ASB impliseer, lyk dit nie of die Afrikaners op Stellenbosch veel belangstelling het in die georganiseerde uitbouing van sy kultuur nie. Die volgende vraag is dan of die Afrikaner werklik 'n unieke kultuur het wat hy bewustelik moet uitbou.

Die hoofminister van Lebowa, minister Phatudi, het hierby aansluiting gevind toe hy op die onlangse ASB-kongres gesê het: "Cultural differences (in South Africa) are narrowing away and dwindling with the advance of educational opportunities for all population groups.



MNR. PANAYOTIS STAIS, Matie-SR-lid, is ten gunste van re-affiliasie.

Christian values are being accepted by black and white South Africans alike." Die implikasie is dat gebrek aan 'n eenvormige opvoedingsvlak van al die mense in SA die enigste rede vir kultuurverskille is.

Die kongres het skerp van hom verskil. Mnr. Stais meen ook dat hierdie opmerking sekere dinge buite rekening laat. Daar is vir hom wel kultuurverskille.

Om die kultuuruitdaging en verantwoordelikheid te aanvaar, moet die Afrikaanse student aktief wees in 'n organisasie soos die ASB, aldus die hoofartikel van *Die Matie* (Oktober 1968).

Mnre. Barnard en Stais sowel as die geaffilieerde lede van die ASB dink klaarblyklik ook so. Wat dink die Afrikanerstudent op Stellenbosch daarvan?

**John Kruger**

## POLSTU: *Verandering moet verhaas word*

STELLENBOSCH — Die tema van die tweede nasionale kongres van Polstu was die Moontlikhede en Voorwaardes vir Vreedsame Verandering in Suid-Afrika.

Prof. J. Degenaar, hoogleraar in Staatsfilosofie, het die verligte Afrikaners bestempel as een van die grootste struikelblokke op die weg van verandering in die Suid-Afrikaanse politiek.

As die verligte onwillig is om 'n demokratiese weg in Suid-Afrikaanse politiek te volg, nie vrye assosiasie tussen groepe toe laat nie, en nie afskeid wil neem van afsonderlike ontwikkeling nie, dan is verligtheid 'n struikelblok op weg na vreedsame verandering.



PROF. J. LOMBARD

Adv. D.P. de Villiers, besturende direkteur van Nasionale Pers, het gesê die vereiste vir vrede en geregtigheid is dat al Suid-Afrika se mense mekaar moet vind. Polstu kan net effektief wees as dit onverbonde aan enige politieke party bly. Polstulede moet probeer om so objektief en wetenskaplik as moontlik te wees. Sodoende kan konsensus bereik word.

Biskop Desmond Tutu het gesê die geskiedenis sal die bruinmense en die Indiërs hard oordeel vir hul samewerking met die blanke verdrukkers. Die bruinmense en die Indiërs moet tog weet dat daar in 'n toestand van onderdrukking en ongeregtigheid net twee kante is: die onderdrukkers en die onderdruktes. Volgens die biskop stel die swartmense nie belang in die stories oor die bedreiging deur die kommunismé nie. Hulle is te gemoeid met die stryd teen die huidige "wrede" stelsel in die land.

Die swartmense vra dat die blankes hulle 'n kans moet gee. Hulle sal nie die blankes in die see jaag nie. Biskop Tutu het gesê Polstu is een van die tekens van hoop in Suid-Afrika.

Prof. Lawrence Schlemmer, dosent in Sosiolodie aan die Universiteit van Natal, het gewaarsku dat Afrikaans in 'n dodelike gevaar verkeer. "Tensy Afrikaans van die politieke magstruktuur ontkoppel word, is die taal gedoem."

Mnr. Japie Basson, lid van die Presidentsraad, het gesê gevoelens teen Afrikaans is vandag niks nuuts nie. 'n Minderheidstaal soos Afrikaans sal nie in 'n eenheidstaat beskerm word nie.

Prof. Jan Lombaard, dosent in Ekonomie by die Universiteit van Pretoria, het gepraat oor die ekonomiese moontlikhede vir voortbestaan in Suid-Afrika. Politieke herverdeling moet gepaard gaan met ekonomiese herverdeling. Daarsonder is politieke sukses onmoontlik. Die ekonomie moet gedesentraliseer word en diskriminasie moet verdwyn. Belasting moet gehef word op almal wat die openbare dienste gebruik en in staat is om te betaal. Suid-Afrika moet eerder 'n federale as 'n konfederale stelsel oorweeg.

Die behoefte na voedsel, behuising en onderwysfasiliteite gaan toeneem onder die swart bevolking. Om in hierdie behoefte te voorsien moet die ekonomie 'n groeikoers van 4,5% per jaar handhaaf. Dit kan as volg gedoen word: besparing, 'n toename in geskoolde arbeid en 'n uitvoerhandel van ses tot sewe persent.

## *Kanseliersverkiesing: Mandela verloor*

JOHANNESBURG — Mnr. Nelson Mandela, 'n gevangene in die Pollsmoor-gegevangenis (voorheen van Robbeneiland) is genomineer as een van die kandidate vir die kanselierskap van die Universiteit van die Witwatersrand.

Die ander nominasies was mev. Helen Suzman, PFP-LV vir Houghton, en mnr. A.M. Rosholt, 'n direkteur van S.A.B., Standard Bank en Barlow Rand. 'n Misverstand het byna veroorsaak dat mnr. Mandela se nominasie te laat ingedien is. Dit is eers 'n dag voor sluitingstyd onder mev. Suzman se aandag gebring. Sy het gesorg dat die dokumente vyf minute voor die spertyd afgelewer is.

Daar is uit verskeie oorde klagtes ontvang oor die verkiesing, onder andere dat:

— net 24 000 stembriefies uitgestuur is, terwyl die universiteit 'n konvokasie van 55 000 het;

— die verkiesing in die geheim sou plaasvind. Geen stemtotale word bekend gemaak nie.

*Wits Student*, amptelike koerant van die Universiteit van die Witwatersrand, het 'n ondersoek gedoen en ook 'n volledige *curriculum vitae* van mnr. Mandela gepubliseer. Die koerant het studente versoek om mnr. Mandela as kandidaat te steun.

Vyftien lede van die konvokasie het tydens 'n vergadering hul misnoë uitgespreek teen die voorstelling van mnr. Mandela. Hy is voorgestel as "'n politkus wat voorheen as prokureur by die hooggeregshof gepraktiseer het, en nou 'n gevangene is".

Die Studenteraad het 'n mosie aanvaar waarin hulle hul steun aan mnr. Mandela toesê. Twee lede het teen die mosie gestem. Hulle het gemeen dat die Studenteraad nie kant moet kies in die verkiesingstryd nie. Die student wat die mosie voorgestel het meen dat mnr. Mandela 'n ware leier is wat die meerderheid Suid-Afrikaners verteenwoordig.


Volgens die administrasie sou die verkiesing van mnr. Mandela as kanselier rampspoedige gevolge hê vir die Universiteit, veral soverre dit die verkryging van fondse aangaan. Die feit dat hy 'n politieke gevangene is, sou donateurs ontmoedig.

Indien mnr. Mandela verkies sou word, sou hy geen vergaderings, plegtighede, ens. kon bywoon nie. Aan die ander kant sou mnr. Rosholt, en in 'n mindere mate mev. Suzman, fondse na die Universiteit kon trek. Mnr. Rosholt is verkies as kanselier.

Mnr. B.J. Vorster is die kanselier van die Universiteit van Stellenbosch.

Die reaksie van Maties op 'n soortgelyke situasie as by Wits, was as volg:

- Mnr. Alex Botha sou graag meer wou weet van Mandela en sy beleid, maar dit is weens sy gevangeniskap onmoontlik.
- Mnr. Ters Marais van Dagbreek is baie bly oor Wits se besluit. Dagbreek sou Mandela beslis nooit steun nie, want "hulle is Vorster-mal!"
- Mnr. P.Z. van Rooyen meen dat Wits se stemtotale nie bekend gemaak is nie omdat dit die regering se beeld sou skaad.
- Mnr. M. van Tonder wil eers al die kandidate oorweeg vóór hy besluit, maar verkies byvoorbeeld Mandela bo dr. A.P. Treurnicht.
- Mnr. Wim Swart wys daarop dat die huidige kanselier, mnr B.J. Voster, destyds self 'n politieke gevangene was.



AS deel van sy "voorbereiding" vir die verkiesing het een van die kandidate twintig jaar hier in afsondering deurgebring.

## Rektor 'beveel' Tukkies om passe te dra

PRETORIA — Vanaf volgende jaar sal dit verpligtend wees vir alle studente, dosente en personeellede van die Universiteit van Pretoria om altyd hul identiteitskaarte by hulle te hê.

Besonderhede van trapfiets-, motorfiets- en motoreienaars sal op die kaart aangebring word. Enige versuim ten opsigte van die kaartstelsel is beboetbaar. "Selfs die Rektor en Vise-Rektor sal die kaart moet dra," berig die Tukkie-studentekoerant, *Die Perdeby*.

Die kaarte word vanuit Duitsland bestel. Die hele projek beloop 'n reuse-bedrag. Die hoë vestigingskoste sal op die langtermyn verhaal word. Die stelsel word hierdie semester op die proef gestel.

Verskeie oorsese universiteite maak van die stelsel gebruik.

## *Oorheersing só beëindig*

JOHANNESBURG — Daar is net twee maniere waarop Afrikaner-oorheersing beëindig kan word: samesprekings of voortdurende burgeroorloë. Dit is die standpunt vir sir Albert Robinson, kanselier van die Universiteit van Bophuthatswana. Hy het 'n gradeplegtigheid by die Universiteit van die Witwatersrand toegespreek.

## Baie nuwe kampusse vir geen studente

SATELIET-KAMPUSSE van Vista, die universiteit vir stedelike swartes, gaan opgerig word in Johannesburg, Bloemfontein en Port Elizabeth. Die moederkampus is in Pretoria.

Intussen bevraagteken sommige van die media die nodigheid van 'n Vista-kampus in byvoorbeeld Port Elizbeth. Daar word aangevoer dat groot dele van die kampus onderbenut word. Dit regverdig nie die onkoste verbonde aan die bou van 'n addisionle kampus nie.

Die owerhede van die Universiteit van Port Elizabeth het by navraag gesê dat die kampus maksimaal benut word. Die drakrag van die kampus is reeds oorskry. Studente van UPE kan hierdie bewerings nie verstaan nie.

*Are you involved in education, community work, advice, research information, social awareness, industrial or youth work?*

**The Human Awareness Programme** publishes **BRIDGE** — an index of organisations oriented towards change in South Africa. The 1983 edition is now in preparation.


*Do you want to be listed?*

*Contact:* **E. EPPEL,**

P.O. Box 95134, GRANT PARK

**Phone 728-1211**

# Gegradueerdes.



## Wat sê hierdie teken vir jou?

**A. Spoed kan meebring dat die verkeerskonstabels jou opdraande gee.**
**B. Die motorbedryf gaan steeds op en op — veral vir luikrugte soos die Golf.**
**C. Versigtig — steil opdraand voor.**
**D. Jou remme is gedaan en jy het nie bakstene agter die wiele nie, dus beweeg jy agteruit.**

**ANTWOORD:**
As jy dink B en C is die regte antwoord, wil Volkswagen met jou gesels as:

GEGRADUEERDES in die gebied van Finans of Dataverwerking wat vir ons Opleidingsprogram vir Gegradueerdes gekeur sal word. Dit sluit 'n omvattende opleidingstydperk in waartydens die nuweling afsonderlik aan al die betrokke vlakke van sy/haar loopbaan voorgestel sal word om sodoende 'n sterk grondslag vir toekomstige vooruitgang te lê.

Ons bied Gegradueerdes van die opleidingsprogram 'n hoogs mededingende aanvangsalaris asook hersiening na ses maande. Dis bo en behalwe al die ander voordele verbonde aan 'n groot maatskappy wat onder andere 'n jaarlikse bonus en 'n motorhuurskema insluit.

Sluit vandag by ons aan en ons sal 'n toekoms vir jou beplan.

Applikante moet skryf aan Die Ontwikkeling- en Opleidingsbestuurder, Volkswagen van SA (Edms) Bpk., Posbus 80, UITENHAGE, 6230.

IR 1600/A



# *Waarsity sukses van Intervarsity?*

- **Tassies**
- **Rugby**
- **Intervarsity-komitee**
- **Anti-apatie projek**
- **David Kramer**













STUDENTE . .
DIE REGERINGSDIENS VAN
S.W.A. HET U DRINGEND
NODIG!
DIE S.W.A.
REGERINGSDIENS
BENODIG OPGELEIDE
EN BEKWAME MENSE.
KONTAK DIE WERWINGS-
BEAMPTES OP U KAMPUS
OP: 2 Aug. 82
VANAF: 9 vm.
Buro vir Studente voorligting



AS dit is wat 'n mens voortaan van die singsongs kan verwag, sal dit dalk die moeite werd wees om weer te gaan. Volgens mnr. Inus Marais, voorsitter van die Intervarsity-komitee, het die opkoms by die singsongs sy verwagtings ver oortref.

## INTERVARSITY-REËLINGS:

# Uiteindelik weer wat dit moet wees

deur **Hendrik Kotze**

MNR. INUS MARAIS, voorsitter van die Intervarsity-komitee, het gesê dat die opkoms by die Sing Songs sy wildste verwagtings oortref het. Ongeveer 4000 studente het David Kramer se optrede bygewoon.

Die opkoms van tussen vierduisend en vyftienduisend studente kan toegeskryf word aan die optrede van gaskunstenaars en goeie propaganda van die Intervarsity-komitee.

### Fiasko

Na verlede jaar se Sing Songs-fiasko het die komitee gevoel dat iets drasties gedoen moes word en het hulle die hulp van vermaaklikheidspersoonlikhede ingeroep. Dit het vrugte afgewerp — die vierduisend studente by David Kramer se optrede was die meeste wat in jare by 'n Sing Songs-aand was. Ook Lesley-Rae Dowling en Pip Freedman het groot skares getrek. Die Intervarsity-komitee se keuse van gaskunstenaars was, gemeet aan die reaksie 'n groot sukses.

Al was die bywoning nie so goed by Sing Songs wanneer kunstenaars nie opgetree het nie, was dit steeds goed vergeleke met verlede jaar.

Dinsdagaand, 27 Julie, se Sing Songs het byna op 'n lae noot geëindig toe 'n groep van sowat 250 Ikeys by die Matie-Sing Songs opgedaag het.

### Afgeblaas

'n Oor-en-weer-tergery het ontstaan. Nadat een van die Ikeys 'n lampskerm stukkend gegooi het, het hulle besluit om spore te maak. Daar het 'n ontnugtering vir hulle gewag — hulle motors se bande was afgeblaas!

### Plakkers

Die stelsel van verpligte bywoning van Sing Songs vir die studente wat kaartjies vir Intervarsity wou hê, het ook bygedra tot beter bywoning. Aanvanklik is beplan om die bywoning van vyf Sing Songs as vereiste vir 'n kaartjie te stel. Die tekort aan plakkertjies die eerste aand het veroorsaak dat die vereiste hoeveelheid plakkertjies na vier verlaag is.

### Kaartjies

Laasjaar was kaartjies te koop by elke Sing Song-geleentheid teen R4,50. Kaartjies was egter by die koshuise beskikbaar teen R2,00 elk.

Die dirigente is Maandagaand aangewys. Die hoofdirigent vir vanjaar was Speek Tredoux, 'n regsstudent in sy derde jaar. Die hulp-dirigent was Sool Brown, Klasie Dijkstra, Driekie Wessels en Anneke Uys.

# Groot Brag brag groot

SOWAT 5 000 studente het die Groot Brag bygewoon. Die legendariese Koos Meyer het die Maties se gees weer aan die gang gekry.

Groot opgewondenheid oor Saterdag se wedstryde het by die Sing Songs, wat gelei is deur die hulp-dirigent van Ikeys, geheers. Onder die eregaste was dr. Craven, prof. Roux de Villiers, mnr. J. Roux, verteenwoordiger van Tassenberg, en die rugbyspanne wat Saterdag vir Maties teen Ikeys uitgedraf het.

### Skenking

Die voorsitter van die Intervarsity-komitee, mnr. Inus Marais, het die verwelkoming en bedankings gedoen. Hy het die sukses van die voorbereidings vir 'n Intervarsity toegeskryf aan goeie beplanning en samewerking van die komiteelede. Tassenberg het 'n skenking van sowat agtduisend rand gemaak, waarsonder so 'n poging nie moontlik sou wees nie.

### Doelstelling

Die komitee se doelstellings was om die onkoste so laag as moontlik te hou. Dit sou meer studente in staat stel om Intervarsity by te woon.

Die komitee het probeer om dit vir alle studente aangenaam te maak, sodat niemand verplig moes voel om die Sing Song by te woon nie.

Sonder die gebruiklike radiokontak tussen die twee kampusse kon die Groot Brag nie vanjaar tot sy reg gekom het nie. Dié leemte het tot gevolg gehad dat daar nie meegeding kon word met Sing Songs nie.

### Spanne

Dr. Craven het die spelers van die eerste span voorgestel en die onderskeie kapteins van die ander spanne.

Die sjampanjenooi, Magdalize Poggenpoel, het aan elke lid van die eerste span 'n geskenkie oorhandig. Hierna het prof. de Villiers die dirigeerstokkie aan die hoofdirigent, Speek Tredoux, oorhandig.



KOOS MEYER

### Smarties

Koos Meyer het die studente vermaak met sy stories uit sy studentejare. "Maties, julle is my smarties," was sy inleiding.

Na die verrigtinge het Koos Meyer en verskeie bewonderaars na 'n rustige plekkie vertrek, waar hulle verder gesels het oor die ou dae.

# KJA leer vroue van versierings

TYDENS 'n kursus wat onlangs hier deur die KJA aangebied is, het dames nie net geleer dat dit maklik en goedkoop kan wees om 'n kamer in te rig nie, maar ten aanhoor van 'n klompie mans ook dat hulle in 'n vennootskap met die man moet leef.

Sestig damestudente het onlangs op 'n kursus wat deur die KJA aangebied is, geleer dat dit nie duur hoef te wees om 'n koshuiskamer en enkelvertrekwoning interessant en prakties in te rig nie. Al wat nodig is, is 'n bietjie verbeelding, soos die gasspreeksters, mevv. Hester Heese, Colleen Schwager, René de Vries en dr. Pauline Pretorius verduidelik het. Tydens die afsluitingsdinee het prof. Hennie Rossouw gesels oor die rol van die vrou as vennoot van haar man.

Mev. Hester Heese het die belang van 'n positiewe gesindheid teenoor jou woonplek beklemtoon.

Mev. Colleen Schwager het onder andere die volgende wenke gegee oor die inrig van 'n koshuiskamer en enkelvertrekwoning:

- Meubels moet nie in die middel van die kamer staan nie.
- Hou by monochromatiese kleure met so min patrone as moontlik.
- Beligting moet nie in die middel van die kamer wees nie.
- Moenie die vertrek probeer verdeel in 'n kombuis, slaapkamer en sitkamer nie. Besluit of jy in 'n woonkamer of slaapkamer wil woon en rig die vertrek daarvolgens in.
- Kry een groot tafel waarop jy kan eet én studeer.

Prof. Hennie Rossouw het gesê die vrou is as hulp vir die man geskape en nie as sy ondergeskikte of slaaf nie. Volkome vrou-wees lê daarin dat die vrou in 'n vennootskap met haar man sal leef.



LESLEY-RAE DOWLING was nog een van die ingevoerde talent waarmee die Intervarsity-komitee probeer het om die regte gees te skep vir dié dag. David Kramer het haar met hierdie "moeilike" taak aangehelp.

# Dié Meesters kry 'n groot bal

HOEWEL net 'n paar studente daarvoor gekwalifiseer het, sal die Karnavalmeestersbal wel op 14 Augustus in die Heerengracht Hotel gehou word.

Volgens mnr. Steven Rosendorff, ondervoorsitter van die Karnavalkomitee, het net nege van die sewentig studente wat ingeskryf het, as karnavalmeesters gekwalifiseer. Hulle moes R150 of meer daarvoor insamel. Hy glo dat dit in die toekoms beter sal gaan.

By die bal sal die nuwe voorsitter van die Karnavalkomitee bekend gemaak word.

# Kamp en toer is kos vir Maties

DIE afgelope vakansie het Maties weer oor die hele land getoer en gekamp om geld in te samel, dienswerk te doen of dit net te geniet.

Atlete vir Christus het vanjaar van Port Elizabeth na Kimberley gehardloop om geld in te samel vir 'n kerksaal op Mitchell's Plein (meer besonderhede volg op die sportbladsye).

Toere na SWA, Zoeloeland en Swaziland is gereël om evangelisasiewerk te gaan doen. Lede van die Zoeloelandgroep het as kampleiers by 'n Christen-jeugkamp opgetree. Hulle het skole besoek en volgens hul leier, M.C. Dippenaar, was dit baie geseënd. Die groot groep wat na Swaziland gegaan het, het in vier kleiner groepe evangelisasiewerk by skole gedoen en Christelike lektuur versprei.

By vyf plekke in Transkei het Maties deur handewerk gehelp om die taak van die sendelinge te vergemaklik. Volgens Nicolene Gildenhuys, leidster by een van die werkerskampe, was dit ook geestelik van groot waarde.

Die Hervormde Studentevereniging (HSV) en die Admissiebond het weer konserttoere onderneem. Eersgenoemde groep het deur Wes-Transvaal getoer en die Admissiebond deur 'n groot deel van Kaapland.

# Opskop gereël vir buitemuurse studente

DIE jaarlikse dans vir buitemuurse studente vind plaas op 20 Augustus vanaf 20h00 in die Burgersentrum, Parow.

Behalwe die warm ete wat voorsien sal word, tree daar ook 'n orkes, "Little People", op. Die hoofspreker is prof. D.E.W. Schumann.

Volgens die voorsitter van die buitemuurse Studenteraad, mnr. Eddie Cahill, is dié geleentheid uitsluitlik gereël vir die ongeveer 40 buitemuurse studente van die Universiteit van Stellenbosch om hul dosente op 'n meer sosiale vlak te ontmoet.




AANDAG
alle studente
Ek bied privaattiklerk juis vir u aan teen NET 55c in ENKELREËLAFSTAND per folio-vel.
Skakel my by: Tel. 97-5537
of skryf aan: Mev AJ de Vaal
Florencestr. 3
Oakdale, Bellville
7530

HAUM
DIE STUDENT SE BOEKWINKEL
TRUSTBANKGEBOU
ANDRINGASTRAAT
STELLENBOSCH 7600
POSBUS 343
TEL. 440 & 2906

# Zorada Labuschagne gee lewe aan Musicultus en Konservatorium

ZORADA LABUSCHAGNE, een helfte van die talentvolle "Kewers in Klaviersous"-duo en entoesiastiese voorsitster van Musicultus, voel dat sy groter hoogtes sou kon bereik het as sy reeds vroeg in haar loopbaan meer gespesialiseerde onderrig ontvang het.

PROFIEL deur Stefanie Heefer

Hoewel sy op skool haar Graad 8 (klavier) van Unisa en Royal Schools, sowel as Graad 7 (orrel) geslaag het, en in standerd 8 aanbeveel is vir die Royal Schools se oorsese beurs, het sy nie genoeg same gespesialiseerde tegniekonderrig ontvang nie. Mense het besef dat sy belofte in haar vingers het, maar het niks daaromtrent gedoen nie. Indien sy die nodige leiding gehad het, sou sy haar vroeër reeds toegespits het op klavier, in plaas daarvan om haar aandag op skool te verdeel tussen klavier, orrel, viool, toneelspel en sport.

As vierde jaar B.Mus.-student het Zorada haar aanvanklike agterstand in uitvoeringstegniek uitgewis en haarself herhaaldelik onderskei as pianiste. Sy het die FAK- en Maber-and-Quick-beurse vir 1981 ontvang en die Stipendium vir 1982 is aan haar toegeken. In 1980 was sy 'n finaliste vir die Jubileum-kompetisie, gereël deur die Konservatorium ter herdenking van sy vyftigste bestaansjaar. Sy is in 1982 die enigste Konservatorium-pianiste vir die kategorie-rondte van die SAUK.


Sy het die eerste keer onder die studente se aandag gekom met haar en Elna Bezuidenhout se uitvoering van "Kewers in Klaviersous" tydens die Karnavalweek verlede jaar. Sedertdien het hulle dié unieke verwerking van Beatle-liedjies by verskeie skole, asook in Gordonsbaai en by Ikeys, herhaal. Daar was selfs al 'n uitnodiging vir 'n televisie-opname daarvan. Waar het hulle aan die idee gekom?

"Dit was basies net toeval," lag Zorada. As gevolg van die kansellasie van 'n Beatle-ensemble tydens Karnavalweek verlede jaar, moes Zorada en Elna binne twee dae 'n item uitdink om dié betrokke opening te vul. Net daar is "Kewers in Klaviersous" gebore, 'n spontane improvisasie van Beatle-treffers, wat só byval gevind het by die studente en publiek dat die uitvoering op openbare aanvraag hierdie week in die Endlersaal herhaal is.

As voorsitster van Musicultus is sy gedurig besig om reëlings te tref vir uitvoerings in die Endlersaal, lesings, films en uitstappies na uitvoerings in Kaapstad te reël en ruim gevolglik soms moeilik die 5 ure in wat sy bedags aan oefening afstaan.

Musicultus het daarin geslaag om vir die eerste keer ligte musiek op formele instrumente in die Endlersaal aan te bied en bied dus ook nou aan studente die geleentheid om op te tree. 'n Hoogtepunt is die stigting van die Musicultus-ensemble met dr. Roelof Temmingh as dirigent.

Dié ensemble, bestaande uit agtien lede, voer werke van dr. Temmingh en Stockhausen op, en tree op 15 September in Seepunt op vir 'n direkte SAUK-uitsending, 'n feit waarop Musicultus en Zorada natuurlik nie 'n bietjie trots is nie!



ZORADA LABUSCHAGNE, die voorsitster van Musicultus, skep "klaviersous".

# Kramer versus Boys vorm wenkombinasie

DAVID KRAMER en die Stellenbosse Boys tree vanaand tot Saterdagaand in die H.B. Thomteater op.

Die kaartjies was 'n week nadat plekbesprekings geopen het, reeds uitverkoop. Die Stellenbosse Boys tree die eerste helfte van die program op en daarna David Kramer. Die Boys se program bestaan uit verwerkings van "Negro Spirituals" en harmoniserings.

Die groep bestaan uit sewe lede van die Stellenbosse Universiteitskoor. In 1980 tydens 'n televisie-opname van die koor het die regisseur genoem dat daar 'n groepie uit die koor moet ontstaan soos die Britse "King Singers". Die Boys wou hulle aanvanklik daarop toespits om vir dameskoshuise te "serenade".

Hulle het egter ingeskryf vir kompetisies en goed gevaar in die Crescendo-kompetisie van die ATKV. Verlede jaar het hulle die afdeling vir ligte musiek gewen in die Kuesta-kompetisie.

### Opnames

Voor die Junie-vakansie is die Boys genooi om televisie-opnames te maak, waar hulle met David Kramer kennis gemaak het. Kramer het die groep gevra om as agtergrond op te tree vir sy volgende plaat. Drie platemaatskappye het ook laat blyk dat hulle in die Boys se optredes belangstel.

Verlede week het die groep in die Nico Malan- en Baxterteater opgetree. Die KWV het die Boys genooi om die einde van September in die KWV-katedraal in die Paarl op te tree. Daarna sal radio- en televisie-opnames gemaak word.

**Willem de Vos**



Anton Oosthuizen HIER sing die manne . . .



ROBERT FINLAYSON, die "Useless Man" in die USAT opvoering.

# Kritici vind Useless Man glad nie nutteloos

***THE Fantastical History of A Useless Man* was USAT se inskrywing vir Fleur du Cap se Nasionale Studente-Dramafees. Dié fees word jaarliks in Grahamstad gehou. Die Studente-Dramafees vorm deel van die 1820-Setlaars se Kunsfees. Die tema vanjaar was *Mostly Mozart*.**

USAT was die enigste amateur-toneelgeselskap wat deelgeneem het. Die ander inskrywings was van dramadepartemente van ander Universiteite. Ten spyte van die feit dat die meeste spelers nie drama-opleiding gehad het nie, het USAT baie gunstige kritiek ontvang van die paneel van beoordelaars en publiek. Resensies in die media het die eerlikheid, opregtheid en varsheid van die spelers en aanbieding geprys. Die regie is deur Natalia da Rocha behartig, wat ook die Beste Regisseuse-toekenning by USAT-Dramafees ontvang het. Die spel van Robert Finlayson en Garth Wardle is uitgesonder.

Die stuk is deur die Junction Avenue Theatre Co. van Johannesburg geskryf en is in twee bedrywe verdeel. In die eerste bedryf word die geskiedenis van Suid-Afrika op 'n satiriese trant geskets om die agtergrond te gee vir die probleme waarmee die Useless Man (gespeel deur Robert Finlayson) opgeskeep sit. Die tweede bedryf volg die lewe van die Useless Man en die faktore wat sy toekoms as jong blanke Suid-Afrikaner bepaal. Die sosiopolitiese omstandighede dwing hom in 'n doodloopstraat van frustrasie.

# Zeesen Radio tricks and treats

MILITARY rhetoric, the dreaded mushroom-cloud and a fidgety Victorian female — these depictions on the publicity poster cryptically captured the essence of Zeesen Radio, the cabaret show which was presented in the Breughel from 27—29 July.

Chris Pretorius and his friends boldly tackled the Afrikaner, hallowed habits and convictions, and strait-jacketed politicizing.

The seemingly carefree abandon of the performers belied the essential ambivalence of the cabaret. Zeesen Radio merged opposites. The sketches were rife with sardonic sarcasm and their effectiveness was often heightened by the random asides of both the performers and the audience. They flirted with patriotic paranoia, the total onslaught and a vigilant culture. Even the lyrics seemed borrowed from the F.A.K. (which was discreetly visible on stage).

The music, although occasionally disjointed and haphazard, was ravaging and thrilling. The abrasive textures that meshed and then eased into meandering rhythms bore a bold human quality that sometimes brought the subversive exercises of Cabaret Voltaire and Throbbing Gristle to mind.

The final song, "Bang", was gloriously unsettling: the music and bitter lyrics surged into an anarchistic maelstorm where every sound vied for supremacy and ended in sudden silence.

Although sporadically tainted by scrappiness and lack of discipline, Zeesen Radio coaxed the audience into amused complacency, only to jolt them awake again. The name of the game was not gravity but awareness.

**Hein Marais**

# SRC Culture Week stirs student talent

AN attempt to stir the interest of the students and involve them in cultural activities — that was, according to Sarita Hauptfleish (organiser), the primary objective of the Culture Week that drew to a close yesterday.


This campus, although much vaunted for its cultural opportunities, seems bereft of meaningful student involvement in the arts. Thus this attempt to divert the students' attention from the crowded sport-fields and (re-)instill an animated interest in affairs of an aesthetic nature is to be lauded. The timing of this undertaking, though, in the wake of the Intervarsity mass-hysteria, was courageous, to say the least.

Music performances dominated the program. Monday night saw among others the U.S. Choir, Womens' Choir and the U.S. Brass Band performing together for the first time. This was followed by a lunch-hour concert on Tuesday when music students, in collaboration with Musicultus, presented a selection of light music that was either arranged or composed by themselves. Among those performing were Belinda Richardson and Fanie Zondagh, whilst Etienne Malan, Ted Scott and Leo Luyendijk performed a piece composed by the latter. Those attending the classical concert on Wednesday were treated to performances of among others Gershwin's "Prelude for Piano" played by André Hough and Beethoven's Op. 11 in B played by David Taljaard, Human Coetzee and Kathryn Harrington.

The ambitious USAT-production of *The Fantastical History of a Useless Man* was staged in the old Conservatoire on Tuesday. This play scans the history of white South Africa prior to 1950 and then presents the subsequent history as seen (and experienced) by a liberal white student. By eliciting varied emotions and reactions it manages to subvert prejudiced responses, and conveys the cardinal concept of white not being a colour but rather an attitude.

The Culture Week was culminated by a Talent Festival which was held in the City hall on Thursday night.

ON-THE-SPOT
DROOGSKOONMAKERS
H/v Andringa- en Kerkstraat
20% AFSLAG VIR US SE MENSE
Probeer ons Selfdien Muntstuk-Wassery



DIÉ tentoonstelling spreek tot elke toeskouer; al is dit dan net die massa tikmasjiene wat 'n indruk laat.

# Breyten vry na Sy Soen

SY SOEN, 'n aantal satiriese uittreksels uit die werke van Breyten Breytenbach, Bertolt Brecht, Paul Eluard, Helmut Heissenbüt, Uys Krige, Lucebert, Paul van Ostayen en Jack Viviers, is verlede week in die Breughel opgevoer.



TJAART POTGIETER (as Breytenbach) en Sandra Temmigh (sy vrou) is hier in 'n intieme toneel van *Sy Soen*.

Die teks is saamgestel en aangebied deur Sandra Temmingh en Tjaart Potgieter. Om die trefkrag van die woord tot sy reg te laat kom, is 'n eenvoudige dekorstel gebruik. Dit het bestaan uit twee selstoele, 'n tafel met 'n geruite tafeldoek, twee wynglase en 'n kraffie, en 'n visbak op 'n staander.

Die teks, wat gehandel het oor Breytenbach se lewe, was 'n betoog om sy vrylating. Om simpatie by die gehoor te wek, begin die stuk waar Breyten en sy vrou nog saam is. Daarna het Sandra Temmingh die rol van 'n regter vertolk en Tjaart Potgieter was die eensame Breyten in 'n koue tronksel. Wanneer Sandra van rol verwissel, sê sy: "Wees hom tog genadig, kyk, hy's skadeloos." Dit is miskien die beste opsomming van dië werk. Die teks stel albei kante van die saak en bly realisties. Aan die een kant veroordeel die regter Breyten se optrede; aan die ander kant sê Breyten dit was vaderlandsliefde (al was dit verwronge liefde).

'n Derde stem is soms baie effektief gebruik, maar het soms verwarring by die gehoor veroorsaak. Daar was wel tonele waar daar goeie koördinasie tussen die stemme was. As dit deurgaans die geval was, sou die gehoor die stuk beter begryp het. Die skerpsinnighede en humor — die wat jy kon hoor — het goed deurgedring.

In die geheel gesien sou 'n mens kon sê dat die werk net 'n bietjie afronding kort. Met twee akteurs soos Sandra Temmingh en Tjaart Potgieter kan die werk slaag.

**Cobus Smit**

# Rolf Streuber se werk laat toeskouer met verwarring en begrip

ROLF STREUBER, 'n dosent van die Departement van Beeldende Kunste, hou tans 'n tentoonstelling in die Kunsmuseum van die Universiteit van Stellenbosch. Die tentoonstelling duur tot 8 Augustus.

deur
Anso van Zyl

Die kunswerk bestaan uit ± 400 kleinere en 12 groot masjiene, wat in die vorm van 'n reghoek op die vloer gerangskik is. Hierdie idee van mnr. Streuber het verskeie reaksies van die toeskouers uitgelok. In die besoekersboek is kommentaar aangetref soos: "Absoluut!!"; "Ag nee ou pêl!!"; "Laat 'n mens dink"; "Teleurstellend"; "Stof tot Stof"; "Weird (crazy)"; "Pragtig"; "Phew" en nog vele ander negatiewe en positiewe opmerkings.

Dit is beslis 'n tentoonstelling wat radikaal verskil van vele vorige tentoonstellings. Ten eerste is daar nie gebruik gemaak van 'n uitnodigingskaartjie met die naam, geboortedatum, geskiedenis en werke van die kunstenaar nie. Mnr. Streuber wou so min as moontlik promosiemateriaal gebruik om homself bekend te stel. Sy werke verskyn almal sonder titels en geen agtergrondsgeskiedenis, soos in die geval van die meeste kunstenaars se tentoonstellings, word gegee nie. Mnr. Streuber het homself afgevra: "Hoekom moet die toeskouer voor die tyd weet wie die kunstenaar is? As die publiek regtig belangstel, laat hulle kom kyk, sonder enige indrukke vooraf." Daarom maak hy gebruik van 'n doodgewone getikte (wat baie van pas is by die tema) gedupliseerde uitnodigingskaartjie sonder enige tierlantyntjies. Die kunstenaar wil hê die toeskouers moet instap, na die werk kyk, uitstap en 'n opinie lewer. Dit maak nie vir die kunstenaar saak of dit negatiewe of positiewe reaksies is nie. Hy sê dat elke kunstenaar sy tentoonstellings gebruik om homself in die spieël van die publiek te sien.



ROLF STREUBER

Die hele idee van die werk met die ± 412 masjiene het sy oorsprong gehad by 'n veiling van die Universiteit se ou masjiene. Met die verloop van jare het hy meer masjiene bygekoop en die "mooi" kwaliteite in die masjiene raakgesien.

Hy wou nie 'n doelbewuste patroon pak en sy masjiene gebruik as bakstene om iets te bou nie. Die doel was nie om dit esteties op te bou nie.

Die kunstenaar het net eenvoudig begin om die masjiene outomaties uit te pak soos hy hulle die eerste keer waargeneem het.

"Kwantiteit is 'n baie belangrike element. 'n Enkele masjien sou nie so 'n groot indruk gemaak het nie. Die idee van massa skep 'n spesifieke indruk," het mnr. Streuber gesê. Al kan jy geen ander doel in sy werk sien nie, kan jy ten minste dit in ag neem: jy sal nooit weer in jou lewe só baie tik- en optelmasjiene saam sien nie!

Die werk neem 'n sterk standpunt in. 'n Mens kan dit interpreteer as die laaste generasie van die meganiese eeu en die groot deurbraak na die elektroniese eeu.

Streuber probeer hiermee 'n nuwe beeld oordra aan die toeskouer. Tyd speel 'n baie belangrike rol in sy werke — die keuse van materiaal daarop. Hout se duursaamheid en onverganklikheid, en versteende bene simboliseer tydloosheid.

Mnr. Streuber reken sy grootste probleem met hierdie tentoonstelling is om stoorplek vir 412 tik- en rekenmasjiene te kry na die tentoonstelling!

# Blaasorkes blaas nuwe semester binne

NA 'n baie suksesvolle eerste semester beoog die die US Blaasorkes 'n opwindende tweede een. Sommer met die intrapslag met die deelname aan die KULTUURWEEK bewys die orkes dat hy sy plek sal volstaan in kulturele bedrywighede op die kampus.

'n Tydperk van seer lippe en stywe wange lê vir alle blasers voor, aangesien die jaarlikse Orkesfees nou ophande is. Repetisies is dus van groot belang.

Die optrede van vanjaar se gaste, die Israelse Kiryat-Ono Youth Band, beloof om baie genotvol te wees. Verskeie kore gaan ook saam met die US-Blaasorkes optree en 'n massa-orkesoptrede sal deur Ron Marlow gedirigeer word.

Sommige van die werke wat gespeel gaan word is Gershwin se bekende "An American in Paris", "Festival March" van Breytenbach en verskeie begeleidings, o.a. die slawekoor uit "Nabucco" van Verdi.

Die Orkesfees vind op 14 en 15 Augustus in die D.F. Malan-Gedenksentrum plaas. Kaartjies is beskikbaar by Teaterbesprekings, Cameo en Studio 7.

# Kunstenaars moet sáám stry teen uitbuiting

DIE kunstenaar mag nie 'n losstaande waarnemer wees wat van sy gemeenskap vervreem is nie. Hy moet deel van hulle wees en saam met hulle teen uitbuiting en onderdrukking stry. Op hierdie basis is 'n simposium oor "Kultuur en weerstand" onlangs by die Universiteit van Botswana gehou.

Dié simposium is bygewoon deur sowat 500 mense, veral uit Suid-Afrika. Heelwat Suid-Afrikaners wat tans elders in Afrika woon, het dit ook bygewoon.

Die rol wat die verskillende kunsvorme het om te vervul in die "stryd teen onderdrukking", is bespreek — van fotografie tot teater.



DOLLAR BRAND sing 'n lied ter ere van Soloman Mahlangu.

Maar, soos die bekende Suid-Afrikaanse skryfster Nadine Gordimer dit stel, "teenstand teen 'n bestaande samelewing impliseer 'n honger om met 'n ander en beter samelewing te identifiseer."

'n Groot deel van die swartmense se gevangenheid lê in die oorheersing van die Westerse kultuur. Hoe kan 'n mens 'n gevoel van eiewaarde hê sonder 'n eie geskiedenis as wegspringpunt? "Ons moet ons kuns en kultuur hervormuleer terwyl ons dit vanuit die Westerse raamwerk neem," vra die kunstenaar Gavin Jantjies. 'n Nuwe orde kan net werk waar daar wederstydse respek tussen die kulture is.

Waar dit oor kultuur en weerstand gegaan het, is nie net by praat gebly nie. Saans is toneelstukke opgevoer, films vertoon en musiek gemaak tot laat in die nag — elkeen 'n gebeurtenis wat in eie reg onthou sal word.

Om vir Dollar Brand, een van die baie musikante, in lewende lywe te sien, kon die gehoor net nie genoeg van kry nie. Waar hy alleen voor sy klavier gesit het, met 'n wierookstokkie aan die brand in 'n gleuf op die verhoogvloer, het sy toeskouers hulle aan sy musiek oorgegee.

Baie van die wit deelnemers was verbaas oor die rykdom van Afrika-kultuur wat hulle vir die eerste keer dáár in Botswana moes gaan ervaar.




'n DEELNEMER aan die simposium oor "Kultuur en Weerstand" wat in Julie in Botswana gehou is. Die simposiumgangers het gevoel dat die Afrika-kuns hom moet bevry van die Westerse raamwerk wat sy geskiedenis geringskat en hom daardeur in 'n groef dwing.

# Kunskalender

**US-KUNSMUSEUM:**
19.7.—18.8.1982: Tentoonstelling van werke deur Rolf Streuber.
16.8.—12.9.1982: Tentoonstelling van werke deur Louis van Heerden.

**EDRICH-KUNSLOKAAL:**
3.8.—14.8.1982: Tentoonstelling van batik deur Beryl Wood.

**OU KONSERVATORIUM:**
6.8.—7.8.1982: USAT se opvoering van *The fantastic life of a useless man* (geskryf deur The Junction Avenue Theatre Company) om 20h00.

**NICO MALAN: TONEEL:**
20.8.—11.9.1982: *Daar leef mense daar!* (Geskryf deur Athol Fugard, vertaal deur Marko van der Colff) met Lida Meiring, David van der Merwe, Marthinus Basson en Lisa-Maria Fugard.

**ENDLERSAAL, KONSERVATORIUM:**
11.8.1982: 'n Musiekprogram met die Orkes van KRUIK, die Universiteitskoor en die soloïste Nellie du Toit.
21.8.1982: 'n Orreluitvoering deur Robert Ampt.

**STADSAAL, KAAPSTAD: KAAPSTADSE SIMFONIE-ORKES:**
12.8.1982: Dirigent: Erich Bergel. Soloïs: Malcolm Frager.
19.8.1982: Dirigent: Brian Priestmas. Soloïs: Yonty Solomon.

**CINE 1:**
9.8.—14.8.1982: *Quest for Fire*, 'n film deur Jean-Jacques Annaud.
14.8.1982: *Mission Monte Carlo.*
16.8.—21.8.1982: *Time Bandits* met John Cleese en Sean Connery.

**CINE 2:**
9.8.—14.8.1982: *Rocky III* met Sylvester Stallone en Talia Shire.
16.8.—21.8.1982: *Missing* met Jack Lemmon en Sissy Spacek.
21.8.1982: *Hatari.*

**FOTOVARIA '82:**
17.8.—21.8.1982: Uitstalling van inskrywings vir FOKUS se jaarlikse fotografie-kompetisie met Matie-studentelewe en foto-joernalistiek as hoofonderwerpe.

Cobwebs
Juweliersware
Liebermann breekware
Mandjies
Afdrukke van tonele in die omgewing
Skulpe, kuriositeite, kerf- en kralewerk
Vinotique: Wynvate en Geelhout wynrakke

# HAIR DESIGN

# WAVE-LENGTH

ANDMAR-GEBOU, KERKSTRAAT, TEL.: 71450 STELLENBOSCH

# 25%

# AFSLAG AAN STUDENTE


| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| CUT & BLOW | only | LADIES | from | 10.50 |
| | only | GENTS | from | 5.50 |
| | only | GIRLS (under 10 years old) | from | 6.00 |
| | only | BOYS (under 10 years old) | from | 5.00 |
| BLOW DRYING | only | | from | 5.00 |
| SHAMPOO & SET | only | | from | 5.00 |
| COMB OUT | only | | from | 1.50 |
| SHAMPOO | only | REDKEN & BONACURE | | .70 |
| CONDITIONER | only | BALSAM | | 1.50 |
| | only | FOAM | | 3.00 |
| TREATMENTS | only | FERMODYL | from | 5.50 |
| | only | BONAWELL | from | 7.50 |
| | only | PROTINA | from | 7.50 |
| | only | MOISTCURE | from | 9.00 |
| | only | LECETHIN OIL / SULPHUR MILK | from | 4.00 |
| PERMING | only | NATURAL STYLING | from | 19.50 |
| | only | BODYWAVE, DULCIA, FERMODYL, RILLING | from | 27.00 |
| STRAIGHTNER or RELAXER | only | | from | 15.00 |
| TINTING | only | RETOUCH | | 9.00 |
| | only | FULL HEAD | from | 11.00 |
| SEMI-PERMANENT COLOURING | only | TONING | from | 5.50 |
| | only | BONACOLOR & FARANDOL | from | 9.50 |
| HIGH LIGHTS | only | | from | 12.00 |
| HENNA | only | | from | 12.00 |
| SETTING LOTION | only | | | 1.50 |

Sales Tax is not included

# Universiteit kry eersdaags eie militêre eenheid

VOLGENS die militêre owerhede kry studente nou die geleentheid deur die stigting van die Universiteit van Stellenbosch se Militêre Eenheid om militêre verpligtinge gedurende resestye af te werk. Kmdt. A.W. Bester, bevelvoerder van die eenheid, sê hierdie stap is voordelig vir alle studente.

Met die aangewese 720 dae verpligte diens na die aanvanklike diensplig het dit kritiek geword om so 'n diens aan studente te lewer. In die verlede was studente gedurende die semester opgeroep vir kampe. Dikwels kon vrystelling nie geredelik verkry word nie. Hierdie probleem sal nou uitgeskakel word.



KMDT. A.W. BESTER

### Kursusse

Kmdt. Bester sê die eenheid sal daartoe bydrae dat studente nie militêre vaardighede verleer nie en op hoogte bly met die nuutste ontwikkeling. Daar sal ook geleentheid wees vir bevorderingskursusse. Hy het die versekering gegee dat kampe en kursusse nie sal bots met studie nie. Regiment Universiteit Stellenbosch (RUS) sal bly voortbestaan as 'n Burgermag-eenheid.

Alle studente en Universiteitspersoneel sal by USME inskakel. Lede wat sleutelposisies by hul eenhede beklee, sal nie oorgeplaas word sonder toestemming van hul bevelvoerders nie. Alle oorplasings bly onderhewig aan die goedkeuring van die Hoof van die Leër. Vloot- en Lugmagpersoneel sal nie oorgeplaas word nie, hoewel affiliasie later moontlik is.

Kmdt. Bester sê dit sal die eenheid se beleid wees om 'n minimum afgebroke opleiding te hê soos parades en skietoefeninge. Verder gaan hy 'n "oop deur"-beleid handhaaf wat elke individu die geleentheid sal gee om probleme met hom te bespreek.

### Frustrasie

'n Beroep word gedoen op studente se samewerking en lojaliteit. Gevalle kom dikwels voor waar frustrasie van vorige diens negatiwiteit aan die hand werk. Lede word gevra om hulle te weerhou van vrye veralgemenings.

Die hoofkwartier sal gevestig wees in 'n gedeelte van die ou Stellenbosch Hoërskool. 'n Voorlopige datum vir die ingebruikneming sal 1 September 1982 wees.

Die eenheid beoog ook om studente op hoogte te hou van alle aktiwiteite.





DAGBREEK students eating improved rations? Earlier this year students expressed dissatisfaction with the food and health conditions in residential kitchens. Petitions were drawn up in Dagbreek and Majuba. According to the primarius of Dagbreek, Mr. Chris Jones, the matter has been resolved and the necessary adjustments are being made.

# Wits-studente gesels met SR

LEDE van die Student Moderate Alliance, 'n politieke organisasie van Wits, het op 30 Julie met SR-lede van Stellenbosch gesels.

Die SMA-voorsitter, mnr. Russel Crystal, glo dat gematigde studente kontak met ander universiteite moet hê. So kan die studentelewe, die stelsel van studenteverteenwoordiging en die studente se belangstelling in politieke aangeleenthede bespreek word.

Die SMA is in 1979 as teenvoeter vir die jaarlikse herdenking van die 1976 Soweto-onluste op 16 Junie gestig. Mnr. Crystal meen dat die organisasie, met 'n ledetal van 200, een van die grootste politieke organisasies op die kampus is. Hoewel daar 35 politieke organisasies op die kampus is, staan die gemiddelde Engelse student apaties teenoor die politiek.

## VERKIESING

PSO-STUDENTE kan vanjaar by hul fakulteite in die SP-verkiesing stem. Elke koshuis sal sy eie stembus hê.

Mnr. Tielman Roos, stembussaamroeper, sê dié reëling stel studente binne bereik van 'n stembus. Hy doen 'n beroep op studente om te stem, aangesien elkeen 'n inspraak het. Die program van die verkiesingstyd verskyn op bl. 1.

## MENINGS VERBODE

**DIT blyk volgens sub-artikel 118(b) van die Verdedigingswet, nr. 44 van 1957 asof dit vir *Die Matie* te gewaagd sou wees om studente te vra om kommentaar te lewer oor die stigting van die Universiteit van Stellenbosch se Militêre Eenheid. Die artikel lui as volg:**

**"Niemand mag in 'n nuusblad . . . enige kommentaar of gerug met betrekking tot . . . 'n bedrywigheid van die Suid-Afrikaanse Weermag . . ., wat daarop bereken is om . . . lede van die publiek te ontstel of neerslagtig te maak, publiseer nie, behalwe waar die publikasie daarvan deur of op gesag van die Minister gemagtig is."**

# Wynkundiges is in die VSA vereer

PROF. C.J. VAN WYK, hoof van die Departement van Wynkunde aan die Universiteit van Stellenbosch, en mnr. C.A. van der Merwe is onlangs deur 'n Amerikaanse tydskrif vir wynkunde en wingerdbou vereer.

Die navorsing is deur mnr. Van der Merwe uitgevoer. Hy was op daardie stadium 'n nagraadse student in wynkunde.

Mnr. Van der Merwe het sy M.Sc-graad met onderskeiding verwerf.

Die studie het voortgevloei uit een van die sleutelprojekte van die Departement van Wynkunde. Die doel van die navorsing was om die bydrae wat verskillende geurstowwe tot die gehalte van wyn lewer, te evalueer.

Tydens die jaarlikse kongres van die Amerikaanse Vereniging van Wynkundiges in Los Angeles het prof. Van Wyk 'n referaat oor hierdie navorsing gelewer.

Prof. Van Wyk meen die navorsing kan die beginpunt vir verdere ondersoek wees.

# Nuwe sentrum bied nou sielkundige dienste

DIE Universiteit van Stellenbosch is 'n ten volle toegeruste sentrum vir sielkundige dienste ryker. Die fokuspunt van werksaamhede is die publiek, maar studente kan 'n belangrike rol vervul.

Reeds vanaf April vanjaar bied die sentrum volledige sielkundige dienste aan die publiek.

Stellenbosch se studente is nie direk betrokke nie, maar hulle kan 'n nuttige gemeenskapsdiens lewer: ouers, familielede en hulpbehoewendes kan met die grootste vrymoedigheid na hierdie sentrum verwys word.

Spesifieke hulp vir studente is soos voorheen by die universiteit se Kinderleidingskliniek en die Buro vir Studentevoorligting beskikbaar.

Die doel van die sentrum is drieledig:
- die opleiding van nagraadse studente in voorligting- en kliniese sielkunde,
- sielkundige dienste aan kinders, volwassenes en bejaardes, en
- navorsing

Die voltydse personeel bestaan uit 'n voorligtingsielkundige en 'n kliniese sielkundige. Die hulp van psigiaters, spraakterapeute, arbeidsterapeute en maatskaplike werkers sal beskikbaar wees.

Die publiek kan enige navrae rig aan Die Direkteur, Sentrum vir Sielkundige Dienste, Van der Sterr-gebou, Bosmanstraat. (Tel. 71106.)



TOERUSTING in die sentrum vir sielkundige dienste.

# *Ikeys invade the 'Gat' missiles fly*

A LARGE group of self-invited Ikeys proved to be the most lively guest artists to attend last week's Sing Songs.

The unexpected arrival of the Ikey revelers just as proceedings had got under way, fulfilled the tradition of disrupting rival Sing Songs. Bewildered Maties were greeted by a roar of Ikey slogans from the top of the Gat. When the shouting was succeeded by a barrage of toilet rolls, the Maties decided it was time to retaliate and a lively engagement ensued.

Finding themselves outshouted, the Ikeys increased their missile barrage. One Ikey student misjudged the trajectory of his missile, a half-full fruit juice container. Thousands of eyes watched as it arced across the Gat, shattering one of the decorative lights. No one was hurt by the shower of glass but the Ikeys fled to their waiting busses. According to unconfirmed rumours not all the Ikeys escaped unscathed.



MNR. DEON ROSSOUW en mnr. Johan Theron ontvang hier 'n donasie van die bestuurder van 'n bekende bank op Stellenbosch wat die publikasie van "Vergaderings", 'n handleiding oor vergaderingsprosedure, moontlik gemaak het.

STUDENTE
Onthou
GRIET
Vir al u Tikwerk, Bindwerk en fotokopierwerk
ANDRINGA STRAAT 64
STELLENBOSCH
7-0712

U.U.B. VIR AL U
★ Boeke
★ Skryfbehoeftes
★ Afrolwerk
★ Bindwerk
PLEINSTRAAT U.U.B.
STELLENBOSCH FOON 70337

Die Matie
Donderdag, 5 Augustus 1982

# Klere moet pas

**'n UNIVERSITEIT is soos 'n kleedkamer waarin ou idees uitgetrek en nuwe idees aangepas word. Dit is ook 'n kleedkamer waarin nuwe idees wat nie pas nie, uitgetrek kan word en die oues weer aangetrek kan word. Dié uittrekkery en aanpassery voorkom dat idees sonder meer aanvaar of verwerp word. Die Universiteit behoort dus 'n kleedkamer te wees waarin die student self kan besluit watter klere hy wil aanpas.**

**Die Universiteit is miskien nie die enigste kleedkamer in die politieke konteks van Suid-Afrika nie, maar sekerlik een van die belangrikstes. Die idees wat hier aangepas en toegelaat word om te ontwikkel, sal eendag die idees wees wat die riglyne vir 'n beter en meer regverdige Suid-Afrika bepaal. 'n Universiteit behoort nooit toe te laat dat die uittrekkery en aanpassery van idees belemmer word nie.**

## SP-mosies

**Die SP het eergisteraand 'n mosie aanvaar waarin hulle hulself distansieer van die uitlatings wat biskop Tutu en prof. Gerwel in Julie op Stellenbosch gemaak het. Die SP het die volste reg om dit te doen, maar hulle het verder gegaan en dit betreur dat Stellenbosch as 'n forum vir sulke uitsprake gebruik is. Volgens die voorstellers word die ewewigtige beeld van die Universiteit daardeur skade aangedoen.**

**Dit sou jammer wees as hierdie argument gebruik word om te voorkom dat studente na ander se menings luister, maar dit lyk asof die voorstellers juis dit probeer doen. Hulle is blykbaar bang dat die Stellenbosse student blootgestel word aan "onewewigtige" denke. Dit sou 'n paternalistiese houding teenoor die studente-unie wees omdat dit impliseer dat die gemiddelde Stellenbosse student nie volwasse genoeg is om nuwe idees te verwerk nie.**


**Die US-oopstellingsmosie wat eergisteraand deur die SP aanvaar is, is 'n halwe stap in die regte rigting. Die voorsteller en die sekondant behoort geluk gewens te word met hulle deursettingsvermoë. Heelwat minder kan gesê word van sekere linkse kantlynpolitici wat hierdie mosie as 'n terugwaartse stap bestempel. Drie-en-tagtig persent van Stellenbosch se studente-unie is tans blanke Afrikaners. Dit beteken dat die getal anderskleuriges met net drie persent kan vermeerder. Die hoop word uitgespreek dat hierdie riglyn binnekort verander sal word.**

## Militarisering

**Die stigting van die Universiteit van Stellenbosch Militêre Eenheid behoort nie ongemerk verby te gaan nie. Duisende Maties wat reeds hul diensplig van twee jaar voltooi het, is oorgeplaas na die nuwe eenheid. Dit is 'n baie sensitiewe saak. Elke student moet dit rasioneel benader en self probeer vasstel waarom die Regering hierdie stap gedoen het. Dit is vanselfsprekend dat die militarisering van 'n Universiteit — in watter mate ook al — baie goeie gronde moet hê.**


## Matie-redaksie

**HOOFREDAKTEUR:** JACQUES JOUBERT, Andringastraat 37 (Tel. 74130)
**REDAKSIEKANTOOR:** Langenhovenstudentesentrum nr. 435, 436 en 438 (Tel. 72332)
**BOODSKAPPE:** Sekretaresse, SR-kantoor, LSS (Tel. 70138); Posbus nr. 20
**ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR:** DAWIE BOSCH, Louwstraat 5 (Tel. 71502)
**ADVERTENSIEBESTUURDER:** ANDRÉ PUTTER, Posbus 62 (Tel. 71811) en HEINRICH MULLER, Barrystraat 23 (Tel. 4391)
**AKTUELE REDAKTRISE:** CORINNE OOSTHUIZEN, Nemesia (Tel. 71300)
**NUUSREDAKTRISE:** ANNAMI OOSTHUYSEN, Nerina (Tel. 2042)
**SPORTREDAKTEUR:** DAAN DERCKSEN, Majuba (Tel. 2010)
**KUNSREDAKTRISE:** JENNIE JOHNSON, Nerina (Tel. 2018)
**SOSIALE REDAKTEUR:** GIEPIE KELLERMANN, Eendrag (Tel. 2135)
**INTER-UNIVERSITÊRE REDAKTEUR:** COBUS DE SWARDT, Jakaranda, Banhoekweg
**TAALREDAKTEURS:** ROBERT BOKHORST, Majuba (tel. 2010) en ALIDA KOTZÉ, Adam Tas 8 (tel. 9164)
**HOOFFOTOGRAAF:** GRAHAM VAN HEERDEN, Louwstraat 12, Durbanville (Tel. 96-3401)
**SKAKELBESTUURDER:** ANDRÉ ROODT, Eendrag (Tel. 2135)
**SPOTPRENTTEKENAARS:** FRANS BASSON, Majuba; VALDI STRAUSS, Nemesia
**SEKRETARESSE:** RINA VAN RENSBURG, Huis de Villiers
**SUB-REDAKTEURS, NUUS:** Finlay Taylor en Karen Joubert
**NUUSVERSLAGGEWERS:** L. Dippenaar, W.J. Verwoerd, D. Snyman, E.M.L. Taljaard, J.H. Roux, C. Knipe. H.P. Müller, L. du Pisani, H. Hattingh
**SUB-REDAKTEURS, SPORT:** Dawie Malan en André Duvenhage
**SPORTVERSLAGGEWERS:** H. du Pisanie, D. Louw, B. Olivier, H.A. Lambrechts, M.L. Marais, F.C. Kotze, A.P. Laubscher, R. Slabbert
**SUB-REDAKTEUR, KUNS:** Cobus Smit
**KUNSVERSLAGGEWERS:** A. van Rensburg, A. Oosthuizen, A. van Zyl, S. Hefer, G.R. Hayter, H. Marais
**SUB-REDAKTRISE, SOSIAAL:** Doria Joubert
**SOSIALE VERSLAGGEWERS:** S. van Rooyen, C. Koen, J. Terblanche, H. Kotzé, P.V.E. Marais, B. Brown, H.S. Schröder, H.C. Nieuwoudt, N. Conradie, M. de Waal, H. Bester
**SUB-REDAKTRISE, INTER-UNIVERSITÊR:** Helet Heroldt
**INTER-UNIVERSITÊRE VERSLAGGEWERS:** C. Klopper, L. Strauss, G. Martin, L. Theron, Z. van der Westhuizen
**FOTOGRAWE:** M. Myburgh, F. van der Merwe, J.P.A. Crafford, J. de Wet


Kwalifikasies . . . kwalifikasies . . .

*SR-LID*

# Stellenbosch het 'n politieke rol om te speel

**Matie Gesprek**

Corinne Oosthuizen gesels met



NICKY BARNARDT

US se rol op politieke gebied het onlangs ter sprake gekom oor verskeie sake, soos die oopstellingsmosie wat Dinsdag op die SP-vergadering aanvaar is en die moontlikheid van reaffiliasie by die ASB. *Die Matie* het met mnr. Nicky Barnardt, wat persoonlik by altwee hierdie sake betrokke was, gepraat. Mnr. Barnardt is lid van die Uitvoerende Komitee van die SR en die voorsitter van die Komitee vir Politieke Studies.

*Waarom het u as spreker op die ASB-kongres u ten gunste van Stellenbosch se reaffiliasie by die SAB uitgespreek?*

My woorde was 'n reaksie op opmerkings deur afgevaardigdes dat dit jammer is dat US nie 'n groter rol in die ASB kan speel nie.

Ek voel dat daar 'n leemte in die ASB is weens Stellenbosch se afwesigheid. Ons SR sal daar 'n groot bydrae kan lewer. ASB-uitsprake geniet wye geloofwaardigheid, ook onder verskeie swart groepe, en kry baie meer aandag as byvoorbeeld uitsprake van Stellenbosch. Stellenbosch het 'n sinvolle politieke rol om te speel, maar het nie op die oomblik 'n nasionale forum nie. 'n Geldige beswaar teen reaffiliasie in 1979 was dat die ASB te veel aandag aan interne Afrikaner-sake gee. Daar is egter nou baie sinvolle kontak met ander groepe.

Ook die begrip Christelik-Nasionaal skep probleme. In hierdie opsig is daar 'n kommunikasiegaping tussen die ASB en die Stellenbosse student. Hierdie begrip het nie noodwendig partypolitieke konnotasies nie, soos ook duidelik was op die kongres.

*Sien u die ASB as dié leidende studente-organisasie met genoeg geloofwaardigheid onder anderskleurige studente, sodat reaffiliasie ook in die sin van kontak met ander groepe (waarvan u 'n voorstander is) vir Stellenbosch sinvol sal wees?*

Ek sou dit nie in daardie terme stel nie. Daar is wel anderskleuriges wat realisties is oor die Afrikaner se politieke magsbesit. Hulle heg baie waarde aan die uitsprake van die Afrikanerstudent, al stem hulle nie noodwendig daarmee saam nie.

*Hoe werk die nuwe affiliasiestelsel van die ASB?*

Dit is nie meer 'n stelsel van kampusaffiliasie nie, maar van SR-affiliasie. 'n SR affilieer nie namens 'n hele kampus nie.

*Wat is die implikasies van 'n SR se affiliasie vir 'n kampus?*

Ek sou nie sê dat dit negatiewe implikasies sal hê nie. SR-lede gaan na 'n kongres as individue en neem standpunt in volgens hul eie oortuiginge. Geen naam van 'n kampus kan ooit aan 'n ASB-besluit gekoppel word nie. Dit kan dus nie tot nadeel van 'n sekere kampus wees nie. Aan die ander kant kan affiliasie die kampus se behoefte aan inter-universitêre kontak tussen studenteleiers bevredig.

*Op die oomblik kan enige Stellenbosse student aan die ASB behoort deur middel van die ASVS. Is die klein aantal lede nie 'n aanduiding dat daar nie 'n behoefte aan groter betrokkenheid by die ASB op die kampus bestaan nie en waarom is dié soort lidmaatskap ook vir SR-lede nie voldoende nie, as hulle in elk geval in hul persoonlike kapasiteit na kongresse gaan?*

Lidmaatskap van die ASB hou primêre voordele in vir studenteleiers. As jou leierskorps reeds ingetrek is in die SR- en SP-struktuur, gaan 'n vereniging soos die ASVS net nie dieselfde materiaal trek nie, veral as daar ook 'n mate van oorvleueling in die uitgangspunte van die mense is.

Selfs al sou 'n paar SR-lede op die ASVS betrokke raak, sal hulle (ook as gevolg van hul werklas) nie genoeg lede kan werf om 'n groot afvaardiging op die ASB-kongres te hê nie. As die SR affilieer kan Stellenbosch 'n afvaardiging van 14 daar hê, wat 'n groot verskil maak.

*Indien die SR sou affilieer, sou die gewig wat hul amp as SR-lede dra nie 'n invloed hê op die gewone student wanneer dit kom by voorspraak vir 'n sekere organisasie nie?*

Dit sou miskien hierdie effek hê, maar dit hoef nie.

Die huidige beleid van die ASB-bestuur is om nie politieke uitsprake op kongresse te maak nie. Affiliasie by die ASB is nie 'n ideologies-gelaaide stap nie. Volgens my sou dit vir 'n Afrikaanssprekende student wat lid is van die Progressiewe Federale Party, moontlik wees om aan die ASB te behoort.

*Is u van plan om enige aktiewe poging aan te wend om die SR by die ASB te laat reaffilieer?*

In hierdie stadium is daar nie 'n aanduiding dat ek 'n aktiewe rol in so iets sou speel nie. Indien 'n mens die nodige toegeneëntheid op die kampus vind, sou 'n mens weer na die saak kon kyk. My gemoed is oop daarvoor.

*Indien dit sou gebeur, sal die besluit by die SR berus, of sal die studente-unie geraadpleeg word?*

Dit is 'n moeilike vraag in terme van die nuwe affiliasiestelsel. 'n Mens sou beslis die SP in 'n groot mate betrek. Jy sou moes besluit of jy die kiesafdelings moet pols en of jy 'n referendum nodig het. Die SR sal wel na 'n redelike mate van steun soek.

*In die mosie kwalifiseer u telkens die term "Afrikaanssprekend" met die term "blank". Op 'n ander plek sê u: "Rasseskeiding op universiteitsvlak sou nie in ons nasionale belang wees nie." Voel u dat 'n verandering in die persentasie anderskleuriges, maar met ras nog steeds 'n eksplisiete faktor in toelatingsvereistes, rasseskeiding op universiteitsvlak sal uitwis?*

Ek kan nie daarmee saamstem nie. Die riglyn is nie spesifiek ras nie. Ek en mnr. Hanekom sien Afrikaanssprekende blanke studente as 'n identifiseerbare groep wat ook meer is as 'n blote taalgroep. Dit sou verkeerd wees om net "blank" as 'n toelatingsvereiste te stel.

Ek sien geen botsing tussen die twee stellings in die mosie nie. Dar is geen rasseskeiding op US nie — daar is reeds kontak. Dié spesifieke sin was gerig op ander Afrikaanse kampusse.

*Waarom dink u was daar onlangs soveel verwysings na die invloed van geheime organisasies op Stellenbosch?*

In my ondervinding as student en SR-lid op Stellenbosch het ek 'n sekere onverdraagsaamheid gemerk teenoor die gematigde Afrikaner wat regverdigheid in die samelewing nastreef, maar ook nie sy eie groep se invloedsentra wil prysgee nie. Die afgelope paar jaar was daar pogings uit sekere oorde om 'n liberalistiese invloed op Stellenbosch uit te oefen. Omdat dié persone, van binne en buite die kampus, nie daarin geslaag het nie, lei hul frustrasie daartoe dat hulle die oorsake van hul mislukking aan manipulasie toeskryf.

*Kan minderheidsgroepe op Stellenbosch iemand op die SP kry om hul denkrigting te verteenwoordig, veral in die huidige stelsel wat op geografiese kiesafdelings gebaseer is?*

Enige student het die geleentheid om aan 'n debat in die SP te kom deelneem of 'n mosie in te dien. Dit is egter nie ideaal nie, omdat 'n mens ook wil stem. Een van die potensiële nadele van die stelsel is dat minderheidsgroepe benadeel word. Tog is dit my ondervinding dat denkrigtings op Stellenbosch geografies nie gelyk versprei is nie.

Ek glo dat iemand wat op 'n gebalanseerde manier betrokke raak, iemand met integriteit wat dinge kan hanteer, dit wel sal kan maak.

# Stryd tussen die geleerdes woed onverpoos

DAAR is aanduidings dat die polemiek tussen die Stellenbosse akademici nog sal voortduur. Die afgelope maand het lede van die sogenaamde "verligte" en "oorbeligte" akademici mekaar in *Die Burger* gepak.

Aan die een kant is prof. Johan Degenaar, dr. André du Toit (Staatsfilosofie) en



DR. A. DU TOIT



PROF. J. DEGENAAR

dr. Hermann Giliomee (Geskiedenis). Die ander kant bestaan uit proff. Sampie Terreblanche (Ekonomie), W.J.O. Jeppe (Staatsleer) en Willie Esterhuyse (Filosofie). Dat proff. Jeppe, Esterhuyse, Degenaar en dr. Du Toit se kantore in dieselfde gang van die B.J. Vorster-gebou is, maak die saak nog interessanter.

In 'n onderhoud met prof. Terreblanche het hy laat blyk dat hy 'n brief van dr. Du Toit verwag. Hy sal verplig voel om daarop te antwoord. Tydens *Die Matie* se besoek aan dr. Du Toit is die brief juis weggestuur.

Terwyl *Die Matie* met prof. Esterhuyse gesels het, was hy ook besig met 'n brief aan prof. Degenaar, en daarom wou hy nie veel kommentaar lewer nie.

Prof. Esterhuyse het baie duidelik gesê dat die briefwisselig tussen hom en prof. Degenaar niks met die polemiek tussen proff. Jeppe, Terreblanche en dr. Du Toit te doen het nie. Hy is gekant teen persoonlike aanvalle, en drink daagliks tee saam met dr. Du Toit en prof. Degenaar. Hulle gesels baie lekker en hy waardeer hulle kritiek. Hy hoop dat die teenoorgestelde ook waar is.

### Oordryf

Prof. Terreblanche het ook gesê dat hy niks persoonliks teen prof. Degenaar of dr. Du Toit het nie. Die spanning wat daar tussen die akademici heers word volgens hom deur die buitewêreld oordryf. Hy sê dat dit tyd geword het om die polemiek te beëindig, maar voel dat daar nog moontlikhede vir verdere briefwisseling tussen hom en dr. Du Toit is.

Dit blyk dat die briefwisseling tussen dr. Du Toit en prof. Terreblanche spruit 'n referaat wat prof. Du Toit geskryf het. 'n Geredigeerde weergawe hiervan het in *Frontline* van April 1982 verskyn. 'n Sondagkoerant het sonder sy medewete gedeeltes daarvan uitgehaal en gepubliseer. Prof. Terreblanche het hierdie artikel gekritiseer.



PROF. W. ESTERHUYSE



PROF. S. TERREBLANCHE

# Kritiek teen prof Degenaar gerig

DIE polemiek in *Die Burger* tussen prof. Johan Degenaar en prof. Willie Esterhuyse spruit voort uit prof. Degenaar se toespraak tydens die Polstu-kongres. Hy het gesê dat die verligte Afrikaners 'n struikelblok in die weg van hervorming is.

Dié stelling is gemaak in 'n toespraak oor 'n ordelike, gemeenskaplike Suid-Afrika. Dit het skerp kritiek van verligte akademici soos prof. Esterhuyse uitgelok.

Prof. Degenaar glo dat verligtheid 'n hindernis is indien verligtes van hervorming praat, maar niks doen om gesonde magsdeling in Suid-Afrika te verkry nie.

In sy Polstu-toespraak het prof. Degenaar die verskille tussen verligte, verkrampte en moreel-kritiese Afrikaners verduidelik. 'n Verkrampte Afrikaner is iemand wat die regverdigheidseis net tot die blankes beperk, terwyl verligte Afrikaners ook die bruinmense en Indiërs wil insluit. Daarenteen wil die moreel-kritiese Afrikaner 'n regverdige Suid-Afrika vir almal, ook die swartmense, hê.

Prof. Esterhuyse meen die stelling oor verligtheid is onsinnig. Dit was juis verligtes wat met die hervormingsinisiatief gekom het. Prof. Degenaar ontken dit nie, maar sê dat hulle binne die strukture van die Nasionale Party vasgevang is. Hy sê die verligtes se beloftes werp nie die nodige vrugte af nie en daarom word hul politiek bevraagteken.

In sy brief van 20 Julie vra prof. Esterhuyse vir prof. Degenaar watter stappe die regering moet neem om die regverdigheidseis van die moreel-kritiese Afrikaner in Suid-Afrika toe te pas.

Prof. Degenaar glo die antwoord is konsosiasie-demokrasie soos deur die Presidentsraad ingesien.

# 'n Ruiter trek sy masker af?

DIE *Sunday Times* het beweer dat hy bewys kan lewer van manipulasie van studentesake op die kampus. Die Ruiterwag, 'n jeugorganisasie van die Broederbond, sou hiervoor verantwoordelik wees.

In 'n artikel van 13 Junie sê die koerant dat 'n voormalige SR-lid en lid van die Ruiterwag van die geheime organisasie se bedrywighede getuig het. Die gesprek sou glo op band wees.

Die artikel berig hoe die Ruiterwag:

- **werk om Polstu, 'n polistieke organisasie op Afrikaanse kampusse, te ondermyn**
- **geheime vergaderings vóór SR-verkiesings hou**
- **sekere kandidate in SR-verkiesings ondersteun**
- **invloed het in verskeie koshuise**
- **studente aanmoedig om Polstu te boikot**
- **geheime kontak met Ruiterwaggroepe by ander Afrikaanse universiteite het**
- **met senior Broederbond-akademici op die kampus skakel.**

### 'Skelm'

Volgens die *Sunday Times* beweer die voormalige SR-lid dat hy op 'n "skelm" wyse by die Ruiterwag betrek is.

Hy is na bewering uitgenooi om 'n groepbespreking by te woon. Daar is hy sonder meer as lid welkom geheet.

Die berig meld dat die student glo probleme met die Ruiterwag gehad het toe hy 'n Polstu-lid geword het. Dit blyk verder dat die Ruiterwag sy Polstu-lede ontslaan het.


### Polstu

Daar is verdere bewerings dat die Polstu-lede van die Ruiterwag die voorsitter van die geheime organisasie, mnr. Roelf Meyer, gekonfronteer het met dié organisasie se optrede teenoor Polstu. Die student sou gesê het dat mnr. Meyer 'n "partyman" is en teen Polstu gekant is.

Na bewering aanvaar die Ruiterwag die NP se beleid. Die artikel meld voorts 'n sterk ideologiese inhoud in die organisasie se aktiwiteite.

Die student sou getuig het dat die Ruiterwag op politieke en kulturele vlak werk. Hoewel die student glo dat die Ruiterwag 'n klein ledetal het, meen hy dat daar "hordes" studente op Stellenbosch is wat vir "indoktrinasie" vatbaar is.

*Lees ook berig op bl. 1*



DIE Ruiterspook ken geen einde nie. . . .

# Vrouedag word weer herdenk

DIE SUID-AFRIKAANSE VROUEDAG word op 9 Augustus herdenk. Dan word hulde gebring aan die vroue wat in die vyftigerjare teen die paswette in opstand gekom het.

Sedert 1952 is vroue verplig om passe te dra indien hulle wil werk of in stadsgebiede woon. Die Federasie van Suid-Afrikaanse Vroue (FSAW) het 'n veldtog teen die paswette geloods.

Die ontevredenheid het uitgeloop op 'n massabyeenkoms op 9 Augustus 1956 in die Uniegebou in Pretoria. Daar wou leiers van verskillende rassegroepe petisies aan die destydse premier, mnr. Hans Strijdom, oorhandig. Hy was nie beskikbaar nie.

Vandag geld die wette nog, maar volgens die FSAW put die Suid-Afrikaanse vroue steeds krag uit dié dag.



EMOSIE van vroue in Nyanga tydens Augustus 1981.

***OPENBARE BETREKKINGE:***

# 'SA moet werk aan buitelandse beeld'

VERANDERING in Suid-Afrika is van weinig waarde indien sy propagandamasjien nie opgeknap word nie.

Mnr. McKee, wat reeds in verskeie Amerikaanse regeringsliggame gedien het, het op 9 Junie 1982 Stellenbosch besoek. Hy en mnr. Heinrich Nagel, SR-lid vir Openbare Betrekkinge, het oor die huidige en toekomstige politieke ontwikkeling gesels.

Mnr. Nagel het oor die erkenning van politieke verandering in Suid-Afrika deur die buiteland gesê dat Suid-Afrika altyd 'n negatiewe etiket sal hê, ongeag die meriete van veranderinge, indien sy propaganda-masjinerie oorskadu word deur dié van sy vyande.

Op 'n vraag van mnr. McKee het mnr. Nagel geantwoord dat dit onmoontlik is om 'n eksakte politieke plan vir die toekoms uit te spel.

As gevolg van 'n reeks faktore word meer en meer nieblankes by die land se ekonomie betrek. Mnr. Nagel het egter gesê dat dit onmoontlik is om 'n sekere groepie mense op so 'n prominente wyse te huisves, maar hulle terselfdertyd van die politieke subsisteem uit te sluit.

Mnre. McKee en Nagel het saamgestem dat gesonde onderskeid en bewustheid van verbintenis tussen bevolkingsgroepe kan bestaan. Die verbintenisse en verskille moenie onoorbrugbaar word en lei tot kulturele en etniese chauvinisme en paternalisme nie.



ONLUSTE-POLISIE speel hier sokker met swart kinders. Oorsese koerante plaas waarskynlik nie hierdie soort foto's nie. (THE ARGUS)

# Beroemde sielkundige na Stellenbosch

PROF. CARL ROGERS, wêreldbekende Amerikaanse sielkundige, is vanaf 11 Augustus op Stellenbosch.

Hy sal die Sentrum vir Sielkundige Dienste en die Departement van Sielkunde besoek.

Groot belangstelling heers in hierdie geskiedkundige eerste besoek van prof. Rogers. Hy is een van die V.S.A. se bekendste sielkundiges. Op die vlak van die voorligtingsielkunde het hy reuse-werk verrig.

### Teorie

Sy persoonlikheidsteorie en die invloed van sy kliëntgesentreerde benadering is wêreldbekend. Sy boeke is in verskeie tale vertaal en het waarskynlik die lewens van baie mense positief gevorm.

Hy het reeds as president van die Amerikaanse Psigiatriese Vereniging, die Vereniging vir Toegepaste Sielkunde en die Amerikaanse Akademie vir Psigoterapeute gedien.

# perspektiewe en dinge

ALMAL is in gate.

En in elke kruiper se gat word dinge op een manier gedoen, en nie anders nie. Daarom doen ook hý dinge so; 'n kruiper wil tog nie uit sy gat voel nie.

In die gat voel hy beskermd. Hier is daar iets om hom wat moeilike vrae weghou; iets wat gevare op 'n hanteerbare afstand hou.

Deur hom aan die ander in sy gat te bind, vorm hy deel van 'n geheel. Hy het nou iets waarmee hy homself kan identifiseer en 'n plek waar hy tuis voel.

In sy gat is daar wel soms struweling. Dikwels moet hy in die nou tonnels verby sy mede-gatgenote skuur — wat betrokkenes soms opwarm. Maar die naby-wees in die donker gange en tussen die neste gee aan hom 'n gevoel van warmte, 'n mate van geborgenheid.

Dié geborgenheid het natuurlik ook sy beperkinge. As kruiper van die gat moet hy die reëls daarvan gehoorsaam. Die mate waarin die beperkings toegepas word, verskil van die een gat na die ander, maar elkeen het sy kwota. Hoe 'n kruiper dit ookal ontken, wat sy gatgenote dink, laat hom twee maal dink voordat hy die reëls oortree.

**dawie bosch**

"Wat sal die ander sê?"

Die meer gesofistikeerde kruiper vra dié vraag nie hardop nie. Hy ontken dikwels dat hy die vraag vra — en glo waarskynlik dat hy dit nie doen nie. Maar vra, vra hy gewis. Die gat se invloed is daar.

As 'n kruiper eers in sy gat beland het, of een gekies het wat hom netjies pas, klim hy nie weer maklik daaruit nie. Sy wil om die wêreld daarbuite te sien raak met die tyd al minder en gou is sy gat vir hom sy alles.

Hy vertrou in elk geval nie 'n ander gat se kruiper nie. As laagenoemde iets op 'n gatvreemde manier doen, moet hy verkeerd wees. Hy doen dit sekerlik só om hom en sy gat daardeur te benadeel.

Mettertyd raak die wantroue tussen gate dieper gewortel totdat kruipers van verskillende gate mekaar oor-en-weer nie meer kan verdra nie. Hulle ontwikkel 'n diepe wrok teen mekaar, of hulle probeer met alles tot hul beskikking om die ander na húl gat oor te haal. Derdens bly daar vir kruipers die moontlikheid oop om totaal apaties te staan teenoor die ander gate — maar dié klomp grawe ook hul eie graf.

Wanneer hulle probeer om ander gate se kruipers na hulle s'n oor te haal, geld dikwels maar min reëls. Die hoofteiken is die jong kruipers wat bolangs ronddolwe en hulle nog nie goed ingegrawe het nie.

'n Gat wat daarop uit is om sy invloedsfeer uit te brei, organiseer hom op so 'n wyse dat die jongeres beïnvloed en beheer kan word. Uiteindelik, as hy sy doel bereik, is 'n tonnel deurbreek, en dié gat word ook by die groterwordende kompleks gevoeg.

Dié ekspansionistiese gat se optrede is ook daarop gemik om vir die kruipers wat lyk asof hulle die gate wil verlaat, terug te kry. Met 'n beloftetjie hier, 'n waarskuwingtjie daar en die vooruitsig van sorg reg deur hul gate-loopbaan, is dit omtrent ondenkbaar om uit te klim.

En as die gat die mag het om 'n moontlike mededinger in die bek te ruk, gaan dié geleentheid nie ongebruik verby nie.

Keer op keer skree dié selfaangestelde wagkruipers onder die geringste provokasie wolf-wolf. Dit dien as 'n effektiewe middel om die gatgenote saam te snoer, en daardeur apatiese gate as prooi onder dié wolwe te laat verval.

Ander kruipers het ook 'n wortel waarom hulle saam grawe. Hulle gorrel saam en grawe saam, maar op die ou end nie werklik sáám nie.

Alles wat kruipers van ander gate doen, is sinistêr bedoel om juis vir húlle te benadeel. Maar hulle kry nie mooi saamgegrawe nie, wat nog sê tonnels na ander gate oopgebreek.



Miskien sal kruipers bymekaar uitkom as hulle net vir een maal hul koppe bo die grond uitsteek, en in die daglig sien dat die ander gatkruipers nie rêrig soveel anders as hulself lyk nie.

# Alfa en Oméga...



## EK DOOD

ek dood
ek kom by hemelse poorte
ek klop aan relings
ek sien petrus vroetel met bos sleutels
ek vra
meneer god tuis?
petrus mompel
ek geloofsoortuigings?
invul op pienk vorm drievoud


ek sê
ek nie seker nie
ek my katkisasietoets geslaag
destyds in erfurthuis
ek trek daarna na hillbrow
ek skreeu in pinksterkerke
ek hande-in-die-lug
ek gooi wagtoringmense uit woonstel
ek glo wederkoms antichris hel engele

ek na weskoppies
ek skisofreen
ek roomskatoliek anglikaan
ek studeer filosofie
ek séances
ek orals
god alleen weet
meneer
god!

petrus krap kop
glimlag dan, sluit oop
gaan maar binne
god nie godsdienstig
god liefde

— André le Roux du Toit

# A Question of Balance



**I smile, but is this my face?**
**— Ipi Tombi**

# Nuwe portefeulje kontrolleer DM

MEDIAVERKLARINGS en die beeld van die SR en SP het ter sprake gekom op die laaste SR-vergadering. 'n Mosie wat reglementêre veranderings aanbring in die portefeulje Openbaringe Betrekkinge is aanvaar.

Die doel van die portefeulje is die uitdra en bevordering van die beeld van die SR, SP en die studente-unie.

Die komitee sal die werksaamhede van die SR aan die studente-unie bekendstel d.m.v. Radio Matie, *Die Matie* en koshuisbesoeke deur SR-lede. Daar sal ook met besoekers van buite die Universiteit en met leiersfigure op Stellenbosch geskakel word.

Die komitee sal waar nodig met die Departement van Ontwikkeling saamwerk om feitelike inligting rakende die SR, SP en studente-unie aan die media te voorsien. Onjuisthede oor dié sake sal reggestel word.

Die portefeulje sal ook verantwoordelik wees vir die kontrolering van *Die Matie* voor sy verskyning, t.o.v. SR-aktiwiteite en Raadsbesluite.

Elke SR-lid sal self verantwoordelik wees vir die verskaffing van inligting oor sy portefeulje aan die media. Die lid vir Openbare Betrekkinge sal inligting oor Raadsbesluite aan die media verskaf.

Mediaverklarings oor SR-, SP- en studente-uniebesluite moet met die goedkeuring van die SR-voorsitter geskied.

Mnr. Spies het genoem dat sowel die portefeulje

**Uit die SR**

Openbare Betrekkinge as Inter-universitêre Sake nog baie sal uitbrei.

T.o.v. lg. portefeulje het hy gesê dat Stellenbosch nog meer leiding sal neem na die einde van die jaar toe, maar dat later meer daaroor bekend gemaak sal word.

Mnr. Barnardt het sy begroting voorgehou. Ná enkele wysigings is dit deur die ander lede aanvaar.

Die tekort aan finansies is nog 'n groot probleem. Besparing in die uitgawes van die *Stellenbosse Student* en *Die Matie* (a.g.v. 'n nuwe drukker) is egter wel moontlik. Moontlik sal 'n verhoging in studentegelde nie meer nodig wees nie.

Mnr. Woest het verduidelik waarom hy voel dat 'n verandering in die struktuur van USKOR en die Karnavalbeheerkomitee nodig is. Hy sal later 'n mosie hieroor indien.

Mnr. Spies het 'n verklaring gelees wat hy opgestel het in antwoord op 'n ope brief van die Sokratiese vereniging aan die SR. (Sien berig op bl. 1.)

'n Geslote interkomstelsel tussen die verskillende SR-kantore en ander kantore soos bv. dié van *Die Matie*, die Karnavalkomitee en die Intervarsity-komitee is goedgekeur. Die totale uitgawe hieraan sal ± R700 wees. 'n Borg wat deur die bank aan die SR se kant is, is egter reeds gevind en sal R400 bydra. Inkomste uit die rekenaarspele sal ook hiervoor gebruik word.

Die Universiteit van Wes-Kaapland het nog nie gereageer ná Stellenbosch se poging om met hulle in verbinding te tree nie. (Die SR van Stellenbosch het verskeie briewe aan UWK se SR gestuur.)

deur **Corrine Oosthuizen**


## *Eensame studente, kom help mekaar*

**NOG 'N EENSAME, Stellenbosch, skryf:**

Ek stem ten volle saam met "Eensame Student" (*Die Matie*, 28 Mei 1982).

Baie van ons dames woon net sokkies by omdat dit beter is as om alleen in 'n koshuiskamer te sit. Nou moet ons verneem dat sommige manstudente hierteen beswaar maak. Die dames wat nie deur mans na sokkies vergesel word nie, word as "goedkoop" bestempel.

Ek wil net alle mans se aandag daarop vestig dat dit nie so is nie. Help ons asseblief en nooi so 'n dame ook na 'n sokkie. Dit sal baie vir haar beteken en miskien selfs vir die mans, want hoeveel mans is daar nie op die kampus wat gedurende naweke bitter alleen voel nie.



WE can well ask if this piece will stand the test of time? What a Baroque concept of art! It might just be Post Modernism.

# Does he have the foggiest of art?

**JOHN McCULLUM, Banhoek Rd., writes:**

Over the years a stalemate situation seems to have developed in the debate about the nature and value of modern art. On the one hand there are the high priests of the Art Establishment who worship it and claim a *privileged* access to the Canon. On the other hand there is the laity who either think they are being taken for a ride or (and this is more often the case) are indifferent or ignorant.

### The Laity think they are taken for a ride

Hence the following situations: a baffled onlooker confronted with rows of empty canvasses: "But is this *art?*" Smug reply from the *cognosceni*: "Its the *idea behind the work* that counts as art, not the work in itself." Or a sceptical viewer in front of an assortment of rags *a la* Atkinson: "This will never stand the test of time." The retort *a la* Jansen van Vuuren: "Stand the test of time? What a Baroque concept of art!" Or an actor watching a 'happening': "They're hamming it, there's no cohesion in what they're saying or doing." Performer's enigmatic response: "But that's the point."

I do not wish to take sides in this debate. I have mentioned the cases above simply to show that there is a problem concerning people's attitudes about the merits of modern art, and the direction in which it is moving.

### A garbled mish-mash of visual images

It was with some interest that I attended what I erroneously thought would be a talk on the subject *Art Now* by Mr Louis Jansen van Vuuren last term.

I accept that Mr Van Vuuren's "whatever" (creative explanation/exploration?) was not meant to pull the wool over our eyes. I will therefore not refer to the garbled mish-mash of visual images, or complain about inarticulate voices and meaningless phrases, or even ask why Mr Van Vuuren was not present at the venue. I will simply accept that his pearls of wisdom fell on the ears and eyes of swine. (Are mixed metaphors artistically acceptable?)

Having eaten the necessary piece of humble pie, I would like to ask a few questions. In the first place, Mr Van Vuuren, was intelligibility ever your aim? If you did try to make people *understand* more about modern art, why not a little more clarity and exposition? If you were simply giving vent to your feelings about modern art, and graphically displaying them, to what extent was there a public dimension to the display? Or were you portraying very private feelings in a way inaccessible to people who do not know you or your department?

I realise that artists sometimes take offence at having to explain what they are doing. Perhaps this is what the *Kreatus* student had in mind when he coyly ruled any questions out of order, remarking that it was up to the audience to make their own evaluations.

### Inaccessible portrayal of very private feelings?

Now there is much to be said for tolerating subjective responses to works of art, but are inappropriate responses not possible? Say, for example, a student's reaction to the "whatever" was that Mr Van Vuuren was merely showing us that he does not have the foggiest idea what modern art is all about; on what grounds can such a silly response be dismissed if the *subjectivity* of responses to "whatevers" is the be-all and end-all?

What does the oracle say?

**DIE briewe vir publikasie moet gerig word aan: Die Redakteur, Briewe, Die Matie, Langenhoven-studentesentrum, Stellenbosch 7600.**

**Briewe moet asseblief so bondig moontlik wees en moet die naam, die adres en die handtekening van die skrywer bevat, selfs al word 'n skuilnaam gebruik. Die identiteit van die skrywer in laasgenoemde geval word streng geheim gehou.**

**So ver as moontlik moet briewe getik word in 'n kolom van 65 mm.**

**Alle briewe wat ontvang word sal óf gepubliseer óf erken word.**




# Re-educating over and over again

**C.A. MELCK, Drostdy Inn, writes:**

One of the greatest problems of running a pub in Stellenbosch is that you have to educate your customers each year. No sooner have they learnt what is allowed and what not than they graduate and leave town. Then the re-education program begins.

Test time is a bad time. It brings forth tension and tension drinking, flared tempers, thought of failure and theft of "souvenirs".

Theft of property from a hotel premises is really bad manners. If you drink beer you are not entitled to the glass, nor can you remove bottles of beer or wine.

How can someone steal something as personal as a wall hanging from the foyer of the Dros? I appeal to the culprit or one of his friends to bring it back soon. It was made in Grahamstown and is a rug in ochre, black, cream and olive. It has no real intrinsic value but to me it is something very special.




## BRIEWEBUS

**R.J.K.** Feite verkeerd.
**M.H.M.** Staan oor tot volgende keer.
**W.K.,** Pta. Te vaag.

## Motors móét nou bêreplek kry

**MOEG BETAAL skryf:**

**Dis nou al maande lank dat studente se lewens gereguleer word deur die padtekens om die uitgrawing waar Oom Jan al die jare gestaan het.**

**Die Owerheid sê die biblioteek gaan daar begrawe word. Maar ons het mos reeds 'n biblioteek. Hoekom 'n ander bêreplek vir boeke bou?**

**Hoekom nie liewer 'n bêreplek vir motors nie?**

**Dink net aan al die voordele. Studente, dosente en besoekers sal sonder 'n gesukkel parkeerplek kry. Studente sal nie meer laat vir klasse wees nie, en sal hulle nie die hele klas deur sit en verknies oor die moontlikheid dat daar 'n pienk kaartjie vir hulle op die motor wag nie.**

**Hulle sal nie meer op allerhande onmoontlike of onwettige plekke parkeer nie. Kampusbeheer sal selfs nóg meer tyd hê om in die son te staan of by departemente in te loer vir tee.**

## *Investigating student housing*

**KEVIN HARVEY, 6 Chrismahof, Weidenhof Street, writes:**

I am at present busy with a research project on a topic which I believe is of great relevance to many of the readers of *Die Matie*.

The project is part of a B.A. Honours course that I am doing in Geography. It entails an investigation into the residential circumstances of private students in Stellenbosch. As one of the aims of the study project is to consider the problems these students may experience, I think that with their contributions they will definitely help to bring about the future solution of such problems.

A number of private students will each receive a questionnaire during the period 3—19 August. The questionnaires will be delivered to and later collected at their residences. The students' responses will be greatly appreciated as it will make an important contribution towards greater insight into this difficult problem.

Nagwerk een lang gega-a-ap?



Bly wawyd wakker met Regmakers®

Nagwerk? Studeer of bestuur jy regdeur die nag? Kry Regmakers, die ligte opkikker-tabletjie wat jou wawyd wakker maak en op-en-wakker hou.

Regmakers®

Elke tablet bevat: Kaffeïne 150 mg.

5778/A LS-FCB



ROLF BEHRENS en Andries Calitz (twee van die inisieerders van die referendummosie) gesels met die pers na die oorhandiging van die referendumversoek. Kobus Pienaar skryf hiernaas vir die eerste keer oor die omstandighede waaronder die versoek teruggetrek is.

# Afstelling van referendum was triomf vir verligtes

*The Crisis consists precisely in the fact*
*that the old is dying and the new*
*cannot be born: in tis interregnum*
*a great variety of morbid symptoms appears.*

*Antonia Gramsci: Prison Notebooks*

TOE ons Rektor van oorsee teruggekom het, het hy op 'n perskonferensie aan *Die Burger* vertel dat oop universiteite vir almal onder een staatsdepartement tot voordeel van almal sal wees. Aanvanklik was ek verheug en het gereken dat daar nou voorbrand gemaak word vir 'n verandering in regeringsbeleid — die hoop beskaam nooit!

Later sou dit blyk dat die Rektor verkeerd aangehaal is. Die hoofverslaggewer van *Die Burger* het op 11.6.81 onder die opskrif "Matie-Rektor stel oop universiteite voor" berig dat: "Ope universiteite vir alle bevolkingsgroepe onder een staatsdepartement sal tot die voordeel van almal wees" en "diversiteit in die samelewing van 'n studentekorps van 'n universiteit is 'n opvoeding op sigself."

Later in *Rapport* van 5.7.81 het Frik Badenhorst as volg berig: "Prof. de Vries sê hy het dit nog nooit gesê nie. Wat hy bepleit het, is dat ander bevolkingsgroepe toegelaat moet word in bestaande kursusse aan blanke universiteite, technikons of kolleges waar sulke kursusse nie in hul eie instellings aangebied word nie."

Vir studente wat moeg is vir die vae en abstrakte verligte retoriek, het hierdie aanvanklike uitspraak 'n geleentheid gebied. Stellenbosch kon deur middel van 'n referendum in die openbaar gekonfronteer word met 'n reguit en konkrete vraagstelling, nl. "die volle oopstelling van US met behoud van Afrikaans as voertaal en akademiese meriete die enigste toelatingskriterium".

Die doel was die vraagstelling op sigself, sodat studente na die basis van 'n wit eksklusiewe Afrikaner-universiteit sou grawe — m.a.w. radikaal dink oor die identiteit, rol, doel en regverdigbaarheid van so 'n instelling.

Vir verligtes was so 'n vraagstelling problematies. Soos prof. A. du Toit in *In die aangesig van die toekoms* sê: die selfverklaarde strategie van verligtes is om binne die nasionalistiese raamwerk te bly en sodoende 'n magsbasis ter verwesenliking van politieke ideale te behou.

Vanuit die posisie is hulle dan "lojale protesteerders" wat weens pragmatiese oorwegings nie presies kan sê wat hulle voel nie, aangesien dit tot ostrasering sal lei. So beland hulle in 'n dubbelspel.

**"Ons is moeg vir vae en abstrakte verligte retoriek."**

Indien 'n mens jou as verligte in die openbaar oor 'n kontensieuse aangeleentheid uitlaat, sal jy gou uitvind dat jy vir so iets slegs op die futiele agitasie en boikotpolitiek van die opposisie aangewese is. Baie verligtes loop net nie die risiko nie, maar bly eerder gerespekteerde Afrikaners. So behou hulle dus ook hul gevestigde belange.

Op kritieke tye maak verligtes dikwels berekende reformistiese geluide wat tog 'n risiko inhou. Die doel is egter slegs die inisiasie van die nodige aanpassings vir die instandhouding van die bestaande bestel. Dié punt word so gemaak in *Work in Progress*, vol. 23.

Hoewel verligtes deur die bank vir 'n meer regverdige samelewing staan, sal jy selde hoor dat hulle op 'n effektiewe wyse pleit vir bv. "affirmative action", grondeienaarskap vir swartes in stedelike gebied of die afskaffing van instromingsbeheer. Nooit sal jy hoor dat daar sterk teen die skreiende ongeregtighede standpunt ingeneem word nie. Die afbreek van plakkerhuise tydens die Kaapse winter, die knuppelstormloop op busboikotters, die dood van mense wat sonder verhoor aangehou word, gaan op Stellenbosch stil-stil verby.

Selde sal jy hoor dat agente vir verandering ondersteun word. Ook flagrante uitsprake van hoogeplaastes, bv. die persoonlike en beledigende aanval op prof. Erika Theron en haar akademiese integriteit, geniet stilswyende kondonasie.

Baie verligtes se twee hoofuitgangspunte is kortliks die volgende: deur die stryd vir verandering wat al die afgelope dekades om ons woed te ontken, hou hulle die valse idee in stand dat "verandering" — wat vir hulle net die nodigste aanpassings impliseer — deur hulle soort konsultasie, samewerking en onderhandeling teweeggebring kan word. Prof. Willie Esterhuyse verwys ook hierna in sy boek *Afskeid van Apartheid*.

Verder word rasse-identifikasie van botsende groepe binne Suid-Afrika as 'n historiese gegewendheid aanvaar en word aangeneem dat die rasse-skeiding so sal voortbestaan.

Hierdie uitgangspunt word verder tot die ideologiese voordeel van die heersers gemanipuleer. In die *Cape Times* van 7.11.81 skryf Andrew Nash in sy artikel "How to find your way out of the 'politics' of negotiation" as volg: "The 'politics of negotiation' is an appeal to us to keep the bankruptcy of an oppressive and exploitative social system from having to declare itself. It asks us to extend credit to its violence . . . its entire strategy urges us to celebrate it."

Die manipulasie geskied deur dat die onderdruktes in etniese minderhede gefragmenteer word en mag teloos in tuislande geplaas word waar elke groep byvoorbeeld sy eie universiteit het. Vrye toelating kan immers slegs sin maak in Suid-Afrika as alle groepe binne 'n enkele staat gelyke politieke regte geniet. Vergelyk A. de Crespigny se artikel "Vrye toelating werk nie aan universiteit" in *Die Burger* van 3.2.82.

Die strategie van die verligtes om ter ondersteuning van hul standpunte hulle op christelike etiek te beroep, en die morele bankrotskap van die stelsel wat hulle ondersteun, het sekere gevolge. Die harde werklikheid van Afrikanernasionalistiese oorheersing word verdoesel. Dit het 'n ingrypende effek op die denke en realiteitsoriëntering van jong Afrikanerstudente wat onder verligtes deurloop en geleer word om slegs binne die tradisionele paradigmas te dink.

Aan die hand van bogenoemde argument kan dus grotendeels verklaar word hoe dit moontlik is dat rasionele, nuuskierige en ondersoekende studente rustig sonder om te protesteer op 'n kampus soos Stellenbosch kan voortleef, terwyl dig teenaan hulle menslike tragedies veroorsaak word deur die wrede en onderdrukkende stelsel wat hulle self in stand hou.

**"Die huidige nasionalisme is in wese 'n bedreiging vir Stellenbosch."**

Op die oomblik kan Stellenbosch gesien word as 'n eksklusiewe wit Afrikaner instelling — die produk van Afrikanernasionalisme — wat 'n elite huisves wat op 'n onregverdige wyse teer op die vrugte van 'n stelsel van uitbuiting en onderdrukking. As produkte van Stellenbosch wat binne die tradisionele paradigmas opgelei word, maak ons op ons beurt weer 'n belangrike bydrae tot die behoud en voortsetting van die status quo.

Die aard van die vraagstelling sou die studente juis, deurdat hulle gekonfronteer word met die praktiese implikasies van hul standpunte, miskien kon ontbloot as doodgewone harde rassiste. So 'n konfrontasie sou dan hopelik tot gevolg hê dat studente ook met die oog op die toekoms die krisis waarin Stellenbosch verkeer en die krisis van Afrikanernasionalisme sal sien.

Die probleem met die meerderheid Stellenbosse studente is dat hulle so vasgevang is in hulle valse bewussyn dat, gesien uit 'n taktiese oogpunt, dit nie veel sin sou hê om ten tye van die referendum slegs 'n beroep op transenderende morele waardes te maak nie. Daarom het inisieerders soveel klem gelê op die demografiese en ekonomiese realiteite, sodat studente die dwingende noodsaaklikheid van verandering sou insien. Die krisis bestaan presies daaruit dat die huidige identiteit/nasionalisme in wese 'n bedreiging vir Stellenbosch/Afrikaner inhou.

Die inisiatief agter die vraagstelling was 'n ernstige poging om die wesentlikheid van die dilemma waarin ons jong Afrikaners onsself bevind, na die oppervlak te bring sodat ons die implikasies van apartheid asook die implikasies van ons ondersteuning en medepligtigheid daaraan kan besef.

Hierdeur sou ons dan 'n geleentheid tot eerlike selfondersoek hê sonder dat die kans deur verligtes versmoor word. So sou ons as studente die werklikheid en uitdaging van 'n nuwe Suid-Afrika besef en 'n sinvolle rol as 'n Afrikaner in die toekoms speel.

In hulle angs dat hulle tydens die referendum ontbloot sou word, het verligtes besluit om hierdie inisiatief te stuit. Die taktief was die ou bekende een van persoonlike druk.

Daar is in verbinding getree met die ouers van die meer onderhoriges in ons geledere om hulle van die "booshede" te verwittig. Ons motiewe is bevraagteken en ons is voortdurend attent gemaak op die negatiewe implikasies wat so 'n referendum vir die universiteit sou hê.

Na herhaalde intimiderende sessies in die binnekamers van gesag kon daar in ons harte geen twyfel meer wees dat so 'n referendum totaal ongewens is nie. Soos *Die Burger* van 17.5.81 berig het, is die referendum toe laat vaar in die beste belang van die universiteit *(sic)*.

Die grootste vernedering was om die volgende oggend as "verantwoordelike studente" op die voorblad van *Die Burger* te pryk om nog 'n oorwinning vir die verligtes aan te kondig.

*(Verkort)*



MENINGS AKTUEEL

KOBUS PIENAAR, een van die oorspronklike inisieerders van die referendummosie, het hierdie artikel geskryf.




EEN van die baie koerantberigte wat tot die debat oor die oopstelling van US gelei het. Dit sou later blyk dat die Rektor telkens verkeerd aangehaal is.

## Akkerjol - aansoeke

AANSOEKE word ingewag vir die volgende poste in die redaksie van AKKERJOL '83:

- Hoofredakteur
- Subredakteur
- Fotograwe (2)
- Spotprenttekenaars (2)
- Sekretaresse
- Verslaggewers (4)

Skriftelike aansoeke moet onderstaande adres bereik nie later nie as Woensdag 4 Augustus om 12h00:
Die Voorsitter
Publikasiekomitee
SR-kantoor
Langenhoven-studentesentrum
STELLENBOSCH
7600

Aansoekers om die pos van Hoofredakteur moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud met die Publikasiekomitee.

**ROSSING URANIUM LTD. SWAKOPMUND S.W.A.**

A representative of our personnel division will be visiting Stellenbosch University to discuss career opportunities with final year students.

•

**FRIDAY 13th August 1982**
Interviews will take place at the
**BUREAU FOR STUDENT COUNCILLING**
**37 VICTORIA STREET.**

•

We are particularly interested in Electrical, Mehanical, Chemical and Engineering Students.

•

**E. TEN/KATE**
**Rossing Urandium Ltd.**
**Posbus 5005**
**Swakopmund**
**9000**

# Braairestaurant binnekort oop in Neelsie

NEELSIE se eie braairestaurant, die Loeloeraai, open voor die einde van Augustus. 'n Proeftydperk word eers vir dié restaurant beoog.

Die Loeloeraai, wat vernoem is na die ruimteskip in een van C.J. Langenhoven se verhale, open voor die einde van Augustus in wat voorheen die Neelsie se leeskamer was. Volgens mnr. Jan Treurnicht, bestuurder van die Neelsie, behoort die meeste werk teen die middel van Augustus klaar te wees. Hierna sal die Loeloeraai aan 'n proeftydperk onderwerp word.

Mnr. Treurnicht meen dat die Loeloeraai beslis "iets anders" sal wees. Hoewel die Loeloeraai deel is van die Neelsie, sal dit sy eie wapen op sy eetgerei hê. Daar is 'n klein dansvloer en musiekgroepe sal optree.

Die spyskaart bestaan uit 'n verskeidenheid voorgeregte, sop, seekosse, braaigeregte, burgers en nageregte. Mnr. Michael Bernardo is as braaier aangestel en word reeds in die Neelsie touwys gemaak. Studente wat belang stel in werk by die restaurant kan mnr. Treurnicht by die Neelsie kontak.



WAAR hulle nou nog so timmer, sal Maties voor die einde van die maand lekker kan smul en ander dalk 'n paar sente kan verdien.

### Drank

Die Loeloeraai het nog nie 'n dranklisensie nie, maar studente sal hul eie wyn mag saambring.

Mnr. Treurnicht meen dat die pryse goed sal vergelyk met die van ander eetplekke op Stellenbosch. Koshuise sal die restaurant vir spesiale geleenthede kan bespreek.

Die Loeloeraai sal elke aand behalwe Sondagaand vanaf 18h00 oop wees.



DIE 45 lede van die BTK wat gedurende die afgelope vakansie die roete tussen Port St. Johns en Coffee Bay langs die Transkeise kus gestap het, was moontlik die laaste groot groep wat dié voorreg gehad het. Die roete van 70 km is nou deel van 'n voetslaanpad waarop groepe van hoogstens twaalf toegelaat word.

# Studente kan help met eie Losies

ONLANGSE berigte in *Die Matie*, asook 'n radioprogram oor die Afrikaanse diens van die SAUK, dui op 'n groter bewustheid van die probleme rondom privaatlosies in Stellenbosch.

### Ondersoek

Hoewel net enkele probleemgevalle bekend is, is 'n ondersoek na die toestande waarin privaatstudente woon, belangrik. Dié studente maak meer as 50% van alle Stellenbosse studente uit.

Kevin Harvey, 'n senior student in die Departement van Geografie, is tans besig met so 'n ondersoek. In 'n opname wil hy vasstel waar en onder watter omstandighede privaatstudente loseer, die redes waarom hulle privaat loseer, asook moontlike probleme met privaatlosies.

### Vraelys

Vir dié doel het hy 'n vraelys opgestel. Dit sal die volgende twee weke aan studente gestuur word. Diegene wat wel sulke vraelyste ontvang, word versoek om dit eerlik en deeglik in te vul. Dit sal weer by hulle woonplekke opgeneem word.

Deur hul samewerking te gee aan hierdie projek, kan studente help dat probleme van privaatloseerders beter begryp word.

# Stemoefeninge kom weer in die mode

SANGFEESKOORS loop weer hoog en dié geleentheid beloof om soos vorige jare baie studente te trek. Elsenburg neem vir die eerste keer deel.

Volgens Braam Hanekom, SR-lid belas met die Sangfees, verloop die voorbereidings vir vanjaar se Sangfees tot dusver glad. Die Sangfees vind vanjaar op 25, 26 en 27 Augustus in die Stadsaal plaas. Vanjaar se fees word opgedra aan elke serenadekoor(tjie) op Stellenbosch. Bekende liedjies sal aangebied word om in die smaak van die breë publiek te val.

### Wicomb

Hoewel die klem op die kore sal val, tree Randall Wicomb die laaste aand as spesiale gaskunstenaar op. Die koshuiskore tree elke aand op, met die Eiffelkoor van Dagbreek en die koor van Heemstede as afwisseling op die eerste twee aande. Johan Theron van Eendrag sal die seremoniemeester wees.

Om die Sangfees 'n bietjie anders as ander jare te maak, neem Elsenburg ook vanjaar deel. Saambou Nasionaal borg die Sangfees. Hulle verkoop kaartjies teen R1,50 vir studente. Daar is nie 'n spesifieke tema nie, want volgens Braam moet Sangfees juis 'n spontane byeenkoms van studente wees.

**Doria Joubert**

# Republiek van Helderberg vier 25ste bestaansjaar

OP 28 Augustus 1957 het die huislede van Helderberg 'n eie Republiek verklaar. Die Republiek vier nou in Augustus sy 25ste bestaansjaar.

Vanjaar word die Republiek se kwarteeu-feesviering gevier. Daar is baie moeite gedoen en oud-inwoners van die Republiek oor die hele land sal saamtrek in Stellenbosch.

Op Vrydag 20 Augustus word daar kragte gemeet tussen die koshuis se eerste rugbyspan en 'n saamgestelde span van oud-inwoners, waarna daar 'n braaivleis in die "Plesierskuur" gehou word.

Mnr. Louis van der Merwe, HK-lid belas met die reunie, sê dat dit 'n geleentheid sal wees wat alle Helderbergers sal onthou.

### Program

Die feesprogram begin op Maandag 16 Augustus en eindig op Saterdag 31 Augustus met 'n kwarteeu-feesdans in die stadsaal. Die program behels 'n intergangkompetisie vir huislede in al die Helderbergse tradisionele sportsoorte.

**Pieter Marais**

# Dra by tot SS!

DIE Stellenbosse Student benodig nog bydraes vir vanjaar se publikasie.

Dit kan tot 12 Augustus by die volgende redakteurs ingelewer word: Kuns: Piet Joubert (Helshoogte); Verenigings: Egbert de Waal (Helshoogte); Studenteraadskomitees: Annami Oosthuysen (Nerina); Sport: Eric Jansen (Helshoogte).

# Vroue-week rig fokus op Stellenbosse vrou

DIE Damesbelangekomitee bied 'n Vroueweek aan vanaf 16 tot 20 Augustus. Die fokus sal op die Stellenbosse vrou val.





VOLGENS Lennie Metcalf het die man ook 'n plek by die Vroueweek wat deur die Damesbelangekomitee gereël word. Onderwerpe soos voorbehoedmiddels en gesinsbeplanning sal daar bespreek word.

Die reglement van die Damesbelangekomitee (DBK) bepaal dat daar vanaf 1982 jaarliks 'n Vroueweek aangebied sal word. Dit is 'n projek van die Studenteraad en sal voortaan 'n hoogtepunt op die DBK se kalender wees.

Vanjaar se "Week van die Vrou" word deur Sanlam geborg. Aktuele onderwerpe soos voorbehoedmiddels en gesinsbeplanning sal bespreek word. Rape Crisis vertoon *A Scream from Silence* and Drastic Measures, 'n vroueteatergroep, 'n program, *Women in Theatre*. Een van die hoogtepunte sal die praatjie van mev. Anna Kotze oor "Die Vrou en Versekering" wees.

Toegang is gratis en alle mans is welkom. Verdere besonderhede sal op die kennisgewingborde aangebring word.

Volgens Lennie Metcalf, voorsitster van die DBK, is een van die doelstellings om vrouestudente deur betrokkenheid en deelname beter in staat te stel om hulle potensiaal te verwesenlik.


Sy het gesê dat Vroueweek 1982 'n sprong in die regte rigting is en dat elke dame daarby sal baat vind.

# LIEF VIR MUSIEK?

KOM na **RADIO MATIE.**

Vakatures is beskikbaar in die volgende poste:
Omroepers
Omroeper-assistente
Nuusskrywer
Nuuslesers
Tegnici

Vir verdere inligting kontak Leon Foot (hoofomroeper), of laat jou naam en telefoonnommer in die ateljee.



## SR-BESOEK AAN GRENS

# 'Weermag werk op sosiale vlak'

**VOLGENS die Stellenbosse SR-toergroep is die Suid-Afrikaanse Weermag in Suidwes-Afrika/Namibië besig met 'n reuse-poging om die plaaslike bevolking sosiaal, maatskaplik en ekonomies by te staan en op te hef.**

Dit het op 'n onlangse besoek aan die operasionele gebied deur lede van die Studenteraad aan die lig gekom.

Ses SR-lede — Stephan Spies, Willem van Huyssteen, Hendrik Verwoerd, Hein Botha, Pieter Bosch en Braam Hanekom — het gedurende die afgelope vakansie die operasionele gebied op uitnodiging van die Minister van Verdediging, genl. Magnus Malan, besoek. Die toergroep het uit politici, besigheids-, kultuur-, en gemeenskapsleiers bestaan.


Die groep het militêre basisse in die noorde van Suidwes-Afrika besoek. Hulle het 'n kort toer deur elke basis onderneem en voorligting oor die Weermag se bedrywighede in Suidwes-Afrika en Angola ontvang.

deur Hendrik Verwoerd

Daaruit het geblyk dat die Weermag, benewens sy militêre aktiwiteite, bystand aan die plaaslike bevolking verleen deur die verskaffing van onderwysers, mediese-, tandheelkundige-, veeartsenykundige- en landboudienste, en die verskaffing en instandhouding van 'n maatskaplike en ekonomiese infrastruktuur. Daar word hoofsaaklik van nasionale dienspligtiges gebruik gemaak.

Die Burgersake-program is daarop gemik om 'n positiewe houding jeens die Weermag te skep en om die vrees- en intimidasieveldtog wat deur SWAPO gevoer word, teen te werk.

Volgens die bevelvoerder van die SWA-Gebiedsmag, genl.-maj. Charles Lloyd, het daar 'n merkbare verandering in die houding van die plaaslike bevolking teenoor die Weermag as gevolg van hierdie poging ingetree.



SR-LEDE mnre. Hein Botha en Hendrik Verwoerd 'in aksie' tydens die SR-toer na die Operasionale Gebied. Mnr. Verwoerd is die skrywer van hierdie twee artikels. Hy is die persoon met die donker bril wat na die fotograaf kyk.



PIETER BOSCH, Hein Botha en Hendrik Verwoerd in 'n gemoedelike luim.

# Omega - basis hou tred met tyd

**MEER as sesduisend mense word deur die SWA-Gebiedsmag en die SAW op Omega, die basis van 201 Bataljon, opgevoed en opgelei.**

Hierdie basis is in Sentraal Caprivi geleë, en die eenheid bestaan slegs uit Boesmans.

Volgens kmdt. Botes, bevelvoerder van Omega, het die eenheid in 1975 ontstaan uit Boesmans wat hulle vrywillig vir opleiding aangemeld het. Die mense het uit die suidooste van Angola gevlug, omdat hulle vrouens en kinders volgens die kommandant deur Swapo uitgebuit is.

Benewens die eenheid se gewone militêre verpligtings word ook gesorg vir die mense se algemene opheffing, aangesien familielede van die mans wat lede van die eenheid is, daar woon.

Hulle word opgelei in higiëne, omgewingsorg, baba- en kindersorg, voeding, ens. Geriewe soos 'n laerskool, behuising, was- en ontspanningsgeriewe word voorsien.

Kuns- en naaldwerkklasse word by die skool en die klerefabriek vir die vroue en meisies gegee, terwyl die seuns in houtwerk onderrig word. Die klere wat in die fabriek vervaardig word, word in die plaaslike winkel verkoop.

Kerkdienste word gehou en mediese- en tandheelkundige dienste word in die plaaslike hospitaal voorsien. Ontspanningsgeriewe soos 'n bioskoop en kantien is tot hul beskikking.



PROF. P. CILLIÉ

**POLSTU** vergader op Donderdag 5 Augustus om 19h30 in Sanlamsaal. Spreker is mnr. Dirk Mudge.

# HNP rig aanval op Cillié

PROFESSOR PIET CILLIÉ van die Departement van Joernalistiek is op 'n HNP-vergadering daarvan beskuldig dat hy 'n liberalis is.

Mnr. Louis Stofberg het gesê dat prof. Cillié in sy hart nooit werklik 'n nasionalis was nie. Hy het dit reeds in 1934 bewys deur genl. Hertzog te steun.

Die vergadering is onderbreek toe lede van die gehoor persoonlike aanmerkings teenoor die spreker gemaak het nadat hy gesê het die NP disintegreer.

# Sing saam met Sendingweek

SENDINGWEEK 1982 is ophande. Vanjaar sal dr. Malan Nel van die Universiteit van Pretoria as hoofspreker optree en Sendingweek beloof om 'n groot geleentheid te wees. Die byeenkomste begin op 8 Augustus en sluit Sondagaand, 15 Augustus, af met 'n uitsaaidiens.




DR. MALAN NEL

Die tema vir die week sal "Gehoorsame Christene Getuig" wees. Dr. Nel sal praat oor gehoorsame Christene, getuienis, liefde en verantwoordelikheid, die betekenis van 'n gehoorsame kerk en die verhouding met Sending.

Tydens die middaguurbyeenkomste wat om 13h15 in die Sanlamsaal begin, sal die klem op die groeiende sending in Suid-Afrika val. Sprekers wat sal optree, is o.a. drr. J. du Preez en W. van der Merwe, asook di. I. Sieberhagen, B. Fourie en C. April.

Uitstallings sal gedurende die week te sien wees in die LSS. Vrydagaand word 'n getuienisfees aangebied met koorsang en persoonlike getuienis.

- Advertensies vir tiksters is op een sentrale kennisgewingbord aangebring.
- Die bord staan teen die skuins muur in die LSS-loopgang, oos van die groot trap.
  Die SR of Publikasiekomitee sal nie as bemiddelaars optree nie — studente moet self die tiksters skakel.
- Tiksters wat wil deelneem, moet hul naam en adres aan die Publikasiekomitee stuur (p/a SR-kantoor, LSS, Universiteit van Stellenbosch).




Op Maandag 23, Dinsdag 24 en Woensdag 25 Augustus sal 'n Evkom-werwingspan op julle kampus wees om julle alles te vertel van lonende en stimulerende loopbaangeleenthede by Evkom.

Ons soek nou al studente wat aan die einde van vanjaar afstudeer om 'n finale ooreenkoms met ons aan te gaan. Selfs al lê daar eers militêre diensplig voor — in die geval van manstudente — sal ons graag nou loopbaangeleenthede by Evkom met jou wil bespreek.

**By Evkom is daar waarskynlik 'n beroep wat pas by jou kwalifikasie**

Op die oomblik stel ons veral belang in persone met 'n oog op een van die volgende beroepsrigtings of met een van die ondergenoemde kwalifikasies.

**INGENIEURSWESE:**
Elektries — Swaarstroom
Elektries — Swakstroom
Meganies Metallurgie
Siviel Bedryfs

**REKENAARWETENSKAP**
**GESONDHEIDSFISICI**
**KOMMERSIËLE WETENSKAPPE**
**FINANSIES**
B. Admin B. Com.
**GEESTESWETENSKAPPE**
**WETENSKAPLIKES**
**FISICI**
**CHEMICI**

**Maak Evkom 'n krag in jou toekoms**
**Onthou 23, 24 en 25 Augustus**

ESCOM • EVKOM
Die bron van krag
**EVKOM**

KMP-Compton 10909

# STUDENTE . .

**DIE REGERINGSDIENS VAN**

**S.W.A.** **HET U DRINGEND NODIG!**



DIE S.W.A. REGERINGSDIENS BENODIG OPGELEIDE EN BEKWAME MENSE.

***KONTAK DIE WERWINGS-BEAMPTES OP U KAMPUS***
***OP: 2 & 3 Aug. '82***
***VANAG: 9 vm.***

**Ingenieurs**

**Lokaal 218. Alg. Ingenieursgebou.**



VOLGENS sommiges dui die intensiwiteit van skoolkadette se opleiding op die groot mate waarin ons samelewing reeds gemilitariseer is.

# *Wil Afrikaner tóg magsposisie met geweld handhaaf?*

**PATRIOTIESE SERSANT skryf:**

Die oprigting van die US Militêre Eenheid hou niks goeds in vir ons toekoms nie. 'n Akademiese instelling word misbruik om 'n groep landsburgers te mobiliseer vir militêre doeleindes. Sou dit vir jou aanvaarbaar wees as 'n ander instelling van die gemeenskap, soos die NG-Moedergemeente, gebruik word om al sy manlike gemeentelede in 'n militêre vleuel te monster?

Die Minister van Verdediging versuim nog steeds om te verduidelik hoekom die ingrypende wysigingswet nodig is. Hy het wel aan mans wat reeds diensplig voltooi het die versekering gegee dat hulle net vir kampe opgeroep sal word indien hulle produktief aangewend kan word en "wanneer dit nodig is," (*Die Burger*, 13 Julie 1982) Landswette en die weermag word deur die regeringsideologie ingespan — "die totale aanslag teen die regering moet afgeweer word!"

Die stigting van militêre eenhede op blanke Afrikaanse kampusse gee verdere krag aan die gedagte dat die Afrikaner geweld sal gebruik om sy magsposisie te handhaaf en swart aspirasies te onderdruk. In so 'n klimaat kwyn die moontlikheid van relatief vreedsame verandering in die rigting van 'n regverdige demokratiese samelewing.

*(Verkort — Red.)*




# Militarisering net geregverdig as vir hervorming tyd gee

**ANDRÉ STEMMET, Bergvlietstraat 2, skryf:**

In 'n artikel in *Die Matie* (13 Mei 1982) neem Kobus van der Merwe sterk standpunt in teen die "toenemende militariseringsproses wat op baie vlakke plaasvind". Om vas te stel of hierdie "ongewenste" toestand van militarisering wat in Suid-Afrika aan die gang is, geregverdig is of nie, sal vasgestel moet word of die verklarings van 'n "kommunistiese bedreiging" en 'n "totale aanslag" gegrond is al dan nie.

## Verkiesing

In 1981 het die Botha-regering se "totale aanslag"-verkiesingstrategie nie baie suksesvol met die Opposisie se brood-en-botter-kwessies meegeding nie. Prof. W.H.B. Dean definieer die totale aanslag in 'n publikasie getitel *Distrust in Democracy* as volg: "The onslaught is seen as an attempt by each of the superpowers to gain control of South Africa because of her strategic and economic value. The onslaught is total in two senses. In the first place it is a process in which both East and West are engaged for motives and with methods which are not significantly different. Secondly, the onslaught affects all aspects of human activity and is not being conducted simply on the political and military levels."

Die "totale aanslag" kan dus gedefinieer word as iets afkomstig ook van die tradisionele Westerse bondgenote, en nie slegs "die kommunisme" nie. Dit is ook nie slegs militêr nie. Nogtans blyk dit duidelik dat diegene wat op die "totale aanslag" steun, dit hoofsaaklik as 'n militêre bedreiging vanuit die Kremlin beskou.

## "Supreme target"

Hoewel akademici en skrywers van mekaar verskil oor die Russiese strategie, is omtrent almal dit eens dat die Kremlin besig is met 'n daadwerklike militêre aanslag op Suidelike Afrika, met Suid-Afrika as die finale doelwit. In 'n onlangse toespraak voor die Suid-Afrikaanse Instituut vir Internasionale Aangeleenthede praat mnr. Edward Heath, 'n vorige Britse eerste minister, van "the relentless geopolitical onslaught of the Soviet Union" met Suid-Afrika as "supreme target".

Die USSR wil beheer oor Suidelike Afrika neem vanweë die gebied se mineralerykdom en strategiese ligging op die olieroete.

Daar bestaan dus 'n Russiese militêre bedreiging. Beteken dit nou dat daar wel 'n "totale aanslag" bestaan? Die gevolgtrekking van dr. Eschel Rhoodie plaas die verhouding tussen die twee in perspektief. Hy erken 'n Russiese bedreiging, maar ontken 'n "totale aanslag". Verlede jaar op 'n SAAK-vergadering het hy gesê: "Daar is 'n kommunistiese en links-beplande aanslag teen ons . . . maar daar is nie 'n "totale aanslag nie." Hy steun hierdie stelling deur aan te voer: ". . . ons spog dan dat ons handel die afgelope dekade toegeneem het, dat buitelandse lenings en beleggings die land inkom, dat ons diplomatieke betrekkinge die afgelope twee dekades so uitgebrei het dat ons nou in bykans sestig lande verteenwoordig word. Waar is dit totale aanslag?"

## Blanko tjek

Volgens mnr. Harry Oppenheimer is die regering se doel met die "totale aanslag"-konsep om 'n blanko tjek van die kieserskorps te kry — om dan 'n "benevolent dictatorship" te kan verkry.

Die "totale aanslag" bestaan dus nie; die militêre bedreiging wel. Oorbeklemtoning van die een is net so gevaarlik as onderbeklemtoning van die ander..

Militarisering kan slegs geregverdig word as die doel daarvan is om die tyd en geleenthede vir noodsaaklike interne hervorming daar te stel. Die Botha-regering se beloftes die afgelope paar jaar het reeds hoë verwagtings by sommige binnelandse groepe geskep. 'n Toekomstige politieke strategie moet eerder daarop gemik wees om aan hierdie beloftes en verwagtings te voldoen, as om op 'n skadelike "totale aanslag"-retoriek te hamer.

*(Verkort — Red.)*

**Dié briewe volg ná 'n artikel oor militarisering in die vorige *Matie* en die stigting van die US-Militêre Eenheid (sien berig, bl. 13).**

## Militêre klem op Studente

**EX-TROEPIE skryf:**

**DIE nuwe gebruik van die Universiteit van Stellenbosch as 'n instrument vir militarisering is skokkend. Alles waarvoor 'n universiteit staan, 'n tradisie wat sedert die Middeleeue opgebou is, is deur die modder gesleep en die universiteit is verneder tot 'n verlengstuk van die weermag.**

**'n Beklemmende greep word op studente wat reeds militêre diensplig verrig het, geplaas. As jy eers eenmaal in is, kom jy nooit weer uit nie. "There's no way out of here. When you come in, you're in for good" (Pink Floyd).**

**Dat 'n akademiese instelling gebruik word deur die militariste om persoonlike lewens te beheer, toon in hoe 'n mate daar op 'n weermag gesteun word ter verligting van die land se probleme. Miskien moet die oplossing elders gesoek word, en die universiteit se status in ere herstel word.**

# Die gêngsters moet ge-arrest word vi 'n crime against de Nation

**KRIS BO-TA skryf:**

Ek weet dis bieta om djou eige business te maaint, ma' daar kom 'n taaim wanne a man mus' jus' stênd up for his raaits. Enne vandag het ekke hones'ly a vêrlid complaint. Tjêk, boerrie my bra', ek's laaik 'n peaceful guy' ma' don't tune me skraal, udderwise ek raak maybe vicious wit'out versagtende omstandighiede.

Ma' nooit, daa's 'n issue oppie complaintslys. Mister, djy wiet mos' laaikly vannie building wat genoem is for the mos' famous polies-man oppie university, Miste Voste. Ek gloe, let slieping dogs laai, soe wat ekke nou ga' sê is definitely nie sy fault nie. Hierrie problem is 'n question of survival, soe djy biete goed lyste' — udderwise pay or die. Die afgeloepe holiday was da' reports innie pypers van die disturbances da' boelangs innie building.

Dis shocking dat die larneys soe moet baklei, en somme innie public ook. Die Boerre-koerant, Die Burgie, sêg dissie "Verligtes" ennie "Oorbeligtes". Dis 'n liegstorie. Dis rival gêngs. Ek ken hulle 'cos why, ek job da' bo enne moet everyday innocently da' verbyloepe. Dey call demselfs de Sunshine Kids en de Terrible Sunshine Kids. Hulle's nie skôllies nie, because skôllies rob net. Gêngstes rob en fight. Sêg nou hulle pluk 'n knife op my, of carve my wit' a bôrrelnek? Jus' now het hulle sômme oek guns oeke. Wat vannie innocent women en chilren innie society — hulle's totally defenceless tien hierrie violence.

'n Man kannie iers 'n charge tien hulle lay nie 'cos die Law stêllie belang in gêng fights nie. Al waarvoor die Law maaint is important things soos rape en murder en riots. Dja, ek gie toe, daai's definitely important crimes, ma' how's hulle morality? Die gêngsters baklei sômme' anywhere en anytime sônne die slaaitest official intervention. Ma' vir die Mixed Merridjis Êkt en 'n paa' ou buttons het hulle al de taaim in de world.

Die real issue is die Administration wat erge' assie Council is. Wat's die story dat die University oppie border ga' baklei? Waai moet onse students die gêngsters se political wars ga' faait vi hulle? Ek maaint wieriens nie om sômme as 'n soldier te ga' faaitie — ek het oek al. Ma' om as students te ga' faait on behalf of de gêngsters — da'voo' is die University ôl too pure. Pleks dat ons liewe' die gêngsters arrest op 'n charge of a crime agains' de Nation. Hulle's nes die Twenty-Seven gêng innie jails — soek net bloed.

## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

DIE indeks waarvolgens die advertensies geplaas word, is: Geboortes, Verlowings, Huwelike, In Memoriam, Sterfgevalle, Persoonlik, Kennisgewings, VERLORE, GEVIND, TE KOOP, TE KOOP GEVRA, LOSIES, LOSIES GEVRA, RYGELEENTHEDE, RYGELEENTHEDE GEVRA.

Advertensies moet skriftelik, met die regte bedrag in 'n koevert, in *Die Matie* se posbus (nr. 20, Neelsie) geplaas word. Advertensies sal ook per pos aanvaar word (Die Redakteur, Geklassifiseerd, LSS, Universiteit, Stellenbosch). Maak asseblief posorders uit aan *Die Matie*.

'n Bedrag van slegs 75c vir elke 15 woorde word gehef, behalwe vir advertensies onder GEVIND, wat gratis geplaas sal word.

As 'n advertensie vir meer as drie keer geplaas word, is daar 'n 20%-korting.

### VERLORE

HORLOSIE verloor gedurende Junie. "Double display, count down alarm, stop watch, alarm", met rekbare band. Skakel asb. vir Dawie by 71502 of 72332.

### PERSOONLIK

AANDAG alle musikante! Op soek na goeie en ervare spelers om 'n groep te stig.

Enige persoon wat "keyboards, synthesisers, lead, rhythm, bass guitar" of dromme kan bespeel, asook komponiste en liedjieskrywers kan met my in verbinding tree. Voorwaarde: spelers moet die instrumente besit. Kontak Gerhard Blignaut, by Murraystraat 12, tel. 4476. Beskikbaar 19h30 tot 20h30 of laat boodskap.

EK doen tikwerk. Prys onderhandelbaar ooreenkomstig die tipe werk. Het geleentheid om werk heen en weer te stuur. Tel. (024) 33665, Strand.

### GEVIND

GOUE hangertjie. Opgetel op die munisipale parkeerterrein. Beskikbaar by SR-kantoor.

### TE KOOP

MOTORFIETS: Yamaha RS125E, 1979-model, 19 000 km. R450 AVB eskl. Bel 2010 (en vra vir Bokkie) of (021) 96-5220.

### TE KOOP GEVRA

TOILETSAMBREEL vir gebruik bo-oor oop veldtoilet in reënseisoen. Die handtipe. Bel Cobus by 2473.

### LOSIES GEVRA

SENTRALE losies vir derdejaar damestudent vir 1983 gesoek. Bel (021) 97-8614.






*TAFELTENNIS:*

# Majuba bo in liga vir derde keer

MAJUBA het vir die derde agtereenvolgende keer daarin geslaag om as wenners van die eerste tafeltennisliga gekroon te word. Eendrag het tweede geëindig terwyl Huis Visser met die derde plek tevrede moes wees.

Elk van die spanne in die liga het aan tien kragmetings deelgeneem. Majuba, sowel as Eendrag, het elk een wedstryd verloor. Om die wenner te bepaal is die wedstryde wat elke span gewen het toe bymekaar getel. Majuba het met 51 teenoor Eendrag se 48 wedstryde gewen.

Gereëlde spanlede van Majuba was: P. Joubert, D. Dercksen, M. Lord, D. Malan en M. Visagie. Pierre Joubert, die kaptein van Majuba, het gesê dat sy span se sukses veral toegeskryf kan word aan die goeie gees wat onder die manne geheers het. Verder kom die spanlede al 'n lang pad saam en ken hulle mekaar se spel goed — dit was veral die deurslaggewende faktor in die dubbelspelwedstryde.

### Teenstand

Die kragmeting wat Majuba verloor het, was teen Huis Visser. Met hierdie oorwinning het Huis Visser seker gemaak dat hulle 'n stewige vastrapplek in die liga kry, maar hulle moes op die ou end met die derde plek tevrede wees.

Ander spanne wat kwaai teenstand gebied het, was Helshoogte, Huis Marais en Simonsberg.

### B-liga

In die B-liga het Huis Visser A eerste geëindig met Majuba B en Helshoogte in die tweede en derde plekke. Huis Visser A en Majuba B het elk een van hulle agt kragmetings verloor. Die aantal wedstryde wat elke span gewen het, is toe bymekaar getel en Huis Visser het met 37 wedstryde teenoor die 36 van Majuba gewen.

Uit die uitslae van die onderskeie spanne blyk dit duidelik dat Majuba oor 'n sterk reserwekrag beskik en dat hulle hierdie semester weer eens die gunstelinge is om die liga te wen.



MADER VISAGIE van Majuba in aksie tydens die wedstryd teen Helshoogte.

# *Libby Maties se Swemafrigter*

DIE 26-jarige mej. Libby Burrel is onlangs as die Maties se nuwe swemafrigster aangestel.

Mej. Burrel voltooi binnekort haar M.A.-graad nadat sy reeds die grade B.A. in Liggaamlike Opvoeding en B.A.-honneurs (cum laude) aan die Universiteit van Stellenbosch behaal het. As deel van haar meestersgraad het sy omvattende navorsing gedoen om vas te stel of swemmers wat in 'n bepaalde swem-nommer uitblink oor 'n sekere fisiologiese kenmerk of kenmerke beskik. Met hierdie soort kennis sou 'n afrigter wetenskaplik kon besluit watter items 'n swemmer se bestes behoort te wees.

Mej. Burrell het 'n besondere begrip vir die probleme waarmee 'n swemmer wat 'n ernstige oefenprogram met akademiese sukses wil kombineer, te kampe het. In haar eerste drie studiejare het die Maties nie 'n swemafrigter gehad nie. Mej. Burrel het daagliks per trein Kaapstad toe gery om saam met die beroemde Clara Aurik en haar oefengroep in die Langstraatse swembad te oefen. Haar toewyding, wetenskaplike kennis en die uitstekende fasiliteite waaroor die Maties beskik voorspel 'n bloeitydperk vir swem op Stellenbosch.

'n Verdere ontwikkeling wat mej. Burrel bekend gemaak het, is dat Stellenbosch se swemklub vir nie-studente oopgestel is. Dit is noodsaaklik vir suksesvolle deelname aan die Westelike Provinsie se plaaslike liga, waar 95% van die deelnemers nog op skool is.

Mej. Burrel se ervaring van swem sluit alle fasette van dié sport in. Gebore en getoë in Port Elizabeth het sy as sewe-jarige die Oostelike Provinsie se laerskole-



ME. LIBBY BURREL

swemspan gehaal. Vandat sy twaalf jaar oud was, het sy die Oostelike Provinsie se Curriebeker-swemspan ses jaar lank verteenwoordig. As Matie verteenwoordig sy hierna die Westelike Provinsie se Curriebeker-swemspan vir drie jaar en toe die WP se sierswemspan vir 2 jaar. Die afgelope twee jaar het mej. Burrel in die Paarl onderwys gegee en met groot welslae die Paarlse swemklub afgerig. Voorwaar 'n ervare swemster en afrigster.

# *Medies wen in sokker*

DIE stryd tussen Medies A en Huis Marais duur voort nadat Medies (soos verlede jaar) die beker in die A-liga vir die eerste semester verower het.

Beide spanne se bestendige spel het hulle bo-aan die puntelys laat eindig met twaalf punte elk, maar Medies se beter doelverhouding het aan hulle die beker besorg.

In die B-liga het Militêre Akademie twee punte voor hulle naaste teenstander, Libertas A, op die puntelys geëindig. Altwee die spanne speel gevolglik dié semester in die A-liga.

Oude Molen en Helderberg, wat onderskeidelik drie en geen punte in die A-liga behaal het, skuif nou af na die B-liga.

**A-liga wedstryde:**

Medies A en Huis Marais het goeie oorwinnings in hul eerste wedstryde behaal, terwyl Helshoogte en Militêre Akademie gelykop gespeel het.

Medies het die wedstryd teen Eendrag met een doel teen nul gewen nadat Nick de Jongh in die 55ste minuut 'n doel aangeteken het.

In die wedstryd tussen Huis Marais en Libertas het Hans Nolte Huis Marais se wendoel aangeteken. Helshoogte en Militêre Akademie, wat verlede semester nog in die B-liga gespeel het, het met een doel elk gelykop gespeel. Militêre Akademie het vroeg in die eerste helfte 'n doel met 'n indirekte vryskop aangeteken. Kort voor die aanbreek van halftyd het Willie Knoetze die gelykmaker vir Helshoogte aangeteken. Geeneen van dié spanne kon in die tweede helfte 'n doel aanteken nie.

**Die B-liga uitslae was soos volg:**

Dagbreek 3 — Medies B 1
Mabré 4 — Simonsberg B 1
Oude Molen 4 — Libertas B 3
Simonsberg A 2 — Helderberg 0

## ATLETE SAMEL R14 000 IN VIR KERKSAAL

NEGE Atlete vir Christus het tydens die Junie-vakansie die 1 960 km tussen Port Elizabeth en Kimberley in koue weer afgelê. Dit was hulle agste toer.

Hoewel dit een van die langste roetes was wat die groep nog aangepak het, was dit 'n groot sukses. Die nege atlete het hulle nie deur ongure weer laat afskrik nie. 'n Paar skofte is oor sneeubedekte landskap afgelê.

Die gemiddelde afstand per atleet was 14,5 km per dag. Hulle het soggens tussen 04h00 en 06h00 weggespring om langer skofte van tot 23 km af te lê.

Die toerlede was nie net suksesvol in hul poging om vir en met Christus die pad te trotseer nie, maar ook om vir Hom te sing en te gesels, soos hul leuse vertel. Daarom dan ook dat die groep nog elf sangers, drie persoonlike werksters en 'n "pa" ingesluit het. Die toerleier en -leidster was Deon Vernooy en Linda Bezuidenhout. Hulle het R1 400 ingesamel. Dit sal gebruik word as bydrae vir die oprigting van 'n kerksaal in Mitchell's Plein.

# Pieke en Erica loop voor in veldloopliga

PIEKE is nog steeds die voorlopers in die koshuis-veldwedloopkompetisie wat reeds in volle gang is. Met die sesde liga wat pas afgehandel is, lê daar nog net een ligawedloop voor. Die kompetisie sluit af met die Matie-veldloopkompetisie op 10 Augustus.

In die eerste helfte van die seisoen het Pieke die mansliga oorheers met atlete soos Ferdie Vermeulen, Henning Gericke, Bennie Stander en Manus Pretorius. 'n Kortkop agter hulle is Eendrag, wat nog net een keer daarin kon slaag om die spankompetisie te wen.

In die damesafdeling loop Erica ver voor en is feitlik verseker van die spantitel aangesien hulle al die ligas tot dusver gewen het. Gesamentlik tweede is Aristea en Huis ten Bosch.


In die vyfde veldloopliga het Henning Gericke en Ferdie Vermeulen van Pieke die eerste twee plekke ingeneem. Hulle is gevolg deur drie Eendragters, V. Kriel, K. du Plessis en P. Conradie.

L. Taylor van Heemstede het die dameswedloop gewen. Sy is gevolg deur A. Basson (Nerina), A. Kuün (Erica), B. Conradie (HtB) en L. Botha (Erica).

Die veldloopliga word elke Dinsdagmiddag om 17h30 gehardloop. Die roetes verskil, maar almal begin en eindig agter die Jan S. Marais-huis. Die mans hardloop ongeveer ses kilometer en die dames ongeveer drie kilometer.

Die stigting van 'n Oud-Matie drafklub deur oud-Springbok dr. Piet du Plessis sal 'n heenkome bied vir al die pretdrawwers op die kampus. Na verwagting sal dit die deelnemerstal aansienlik verhoog.

HET U GEWEET?



dat dit maklik is om tussen 'n egte diamant en 'n kubiese zirkonium te onderskei? Diamantkenners by Monex sal u wys hoe. Ons ontwerpster sal ook 'n individuele ring vir u ontwerp — teen groothandelpryse!

MONEX DIAMANTE
Grondvloer, Mobil-gebou
Langstr., Kaapstad. Tel. 21-1200

# Matie-Bokke

KOBUS DEETLEFS, B.Sc. Landbou-student en 'n inwoner van Eendrag, is nie net 'n slimkop nie, maar ook die Maties se enigste Gymkhana-springbok.

Kobus sit al van kleins af stewig in die saal, maar het eers op hoërskool ernstig Gymkhana begin oefen. Hy het drie jaar agtereenvolgens WP-kleure as 'n ruiter van die Goudini Gymkhana-klub verwerf. Vroeg in 1980 het hy as onder-kaptein van die Junior-Springbokspan deelgeneem aan 'n kompetisie teen Zimbabwe-Rhodesië, wat deur die Junior-Springbokspan gewen is. In hierdie kompetisie het die damesspan, wat op dieselfde vlak as die mans meeding, derde geëindig.

### Duur sport

In 1982 was Kobus lid van 'n gekombineerde span wat teen die Springbokspan meegeding het. Hy het 'n telling van 190 uit 192 behaal en is gekies as reserwe vir die Junior-Wêreldspan wat teen Israel, Australië en Brittanje meegeding het. Hy het hom egter van hierdie span onttrek omdat sy akademie op daardie oomblik vir hom belangriker was.

Volgens Kobus is gymkhana 'n duur sportsoort omdat die vervoer- en aanhoudingskoste van perde redelik hoog is. Hy beskou dit nie as 'n gevaarlike sportsoort nie, alhoewel hy nie



KOBUS DEETLEFS

die ongeluksvoël vrygespring het nie: tydens 'n oefening het die buikgord gebreek terwyl sy perd op volle vaart was. Die gevolg was 'n hele aantal gebreekte ribbes.

### Samewerking

Gymkhana het as 'n militêre sport tydens die riddertydperk ontstaan. 'n Lans en swaard word gebruik om verskeie voorwerpe op te tel terwyl perd en ruiter se spoed en styl in aanmerking geneem word. Daar moet goeie samewerking tussen ruiter en perd wees. Perde wat kalm en rustig van geaardheid is word gewoonlik gekies. Gymkhanaperde moet die hele baan van 150 m in volle vaart hardloop om 'n egalige aksie te verseker. Dit kos baie afrigting om die perde te leer om reguit te hardloop en nie te swenk as die ruiter afbuig nie.

### Ideaal

Kobus beveel gymkhana aan vir enige diereliefhebber omdat samewerking tussen mens en dier tot die uiterste beproef word. Koördinasie kan slegs verkry word deur baie oefening. Prestasies is te danke aan sowel die ruiter as die perd se vernuf.

Wat die pad vorentoe betref is dit Kobus se grootste ideaal om in die senior Springbokspan opgeneem te word. Hy kan daarvan verseker wees dat Stellenbosch sy sportloopbaan met groot belangstelling sal dophou.



KOBUS in aksie tydens 'n kompetisie teen die destydse Zimbabwe-Rhodesië.




Hedley Byrne (Retail/C) 5014/2